

DEELNAME AAN DIE BESTUUR VAN WATERHULPBRONNE IN SUID-AFRIKA

deur Jane Burt, Derick du Toit, David Neves en Sharon Pollard

Geredigeer deur: Robert Berold en Mindy Stanford

Illustrasies: Tammy Griffin

Uitleg en teksontwerp: Martin Hiller

Opgesom vir vertaling deur: Hilde Bakker

Vertaal deur: Marike Beyers

Desember 2006

WNK Verslagno. TT 288/06



Waternavorsingskommissie
Privaatsak X03
Gezina
0031

www.wrc.org.za

ISBN No: 1-77005-501-0
ISBN Set No: 1-77005-500-2

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika
Waternavorsingskommissie Projek Nr: K5/1434

Hierdie verslag moet as volg aangehaal word:
Burt, J.C.; Du Toit, D.R.; Neves, D.; Pollard, S. 2005. *Deelname aan die bestuur van waterhulpbronne*. Waternavorsingskommissie, Pretoria.

Vrywaring

Hierdie verslag spruit voort uit 'n navorsingsprojek wat deur die Waternavorsingskommissie (WNK) gefinansier is en goedgekeur is vir publikasie. Goedkeuring beteken nie noodwendig dat die inhoud die siening en beleid van die WNK of die lede van die projek-loodskomitee weerspieël nie, of dat melding van handelsname of -ware deur die WNK vir gebruik goedgekeur of aanbeveel word nie.

Hierdie boek is deur die Watnavorsingskommissie befonds. Dit is gedoen in samewerking met die Eenheid vir Omgewingsopvoeding en Volhoubaarheid by Rhodes Universiteit (EESU – Environmental Education and Sustainability Unit) en die Vereniging vir Water en Landelike Ontwikkeling (AWARD – Association of Water and Rural Deveopment).

NAVORSINGSBESTUURDER

Dr Heather MacKay Watnavorsingskommissie

PROJEKLEIER

Prof Heila Lotz-Sisitka EESU, Rhodes Universiteit

HOOF NAVORSER

Me Jane Burt EESU, Rhodes Universiteit

NAVORSERS

Mnr Derick du Toit	AWARD
Mnr David Neves	Universiteit van KwaZulu-Natal
Mnr Alistair McMaster	Onafhanklik
Me Bev Taylor	Geografie Departement, Rhodes Universiteit

NAVORSINGSONDERSTEUNING EN –ADMINISTRASIE

Me Bulelwa Nqweniso	EESU, Rhodes Universiteit
Me Katie Farrington	EESU, Rhodes Universiteit

VERWYSINGSGROEP

Dr Sharon Pollard	AWARD
Prof Peter Vale	Politieke Wetenskappe, Rhodes Universiteit
Mnr Willie Enright	DWAF, Wes-Kaap
Prof Caroline Palmer	Instituut vir Watnavorsing, Rhodes Universiteit

VOORWOORD

Die Nasionale Waterwet (1998) maak dit moontlik vir gewone mense om deel te neem aan die bestuur van waterhulpbronne. Hierdie boek bespreek wat deelname in die praktyk beteken.

Die navorsing vir hierdie boek is tussen 2003 en 2005 gedoen deur 'n groep deskundiges in die bestuur van water as hulpbron. Die navorsers het tot twee belangrike gevolgtrekkings gekom, naamlik:

1. Hoe ons die konsep 'deelname' verstaan, het 'n direkte invloed op hoe ons water as hulpbron bestuur. Daarom is dit nodig om ons kennis en ervaring van deelname in die bestuur van waterhulpbronne te verdiep.
2. Ons het praktiese riglyne nodig wanneer ons deelname in die bestuur van waterhulpbronne beplan, maar hierdie riglyne behoort buigbaar te wees sodat die aard van die deelname by elke situasie of konteks kan aanpas.

Hierdie boek is verdeel in twee dele:

Deel 1, getiteld *Deelname aan die Bestuur van Waterhulpbronne in Suid-Afrika*, dui aan hoe mense se idees en aannames die manier waarop hulle waterhulpbronne bestuur beïnvloed. Deel 1 beskryf ook hoe verskillende Waterbestuurareas (WBAs) organisasies vir die bestuur van waterhulpbronne opgerig het. Daarna gee dit die verskillende stappe wat tot die totstandkoming van die eerste twee Bestuursagentskappe vir Opvanggebiede (BAOs) gelei het.

Deel 2, getiteld *Deelname aan die Bestuur van Waterhulpbronne – 'n Taakgeoriënteerde Benadering*, gee riglyne en idees oor hoe deelname aan die bestuur van waterhulpbronne toegepas kan word in die praktyk.

Hierdie boek is 'n opsomming van twee meer gedetailleerde boeke, *Learning about participation in IWRM – A South African Review* (TT 293/06) en *A Task-oriented approach to Participatory WRM* (TT 289/06) wat vir deskundiges in die bestuur van waterhulpbronne geskryf is. Die boeke is beskikbaar by die Waternavorsingskommissie.

INHOUD

Voorwoord	v
DEEL 1 DEELNAME AAN DIE BESTUUR VAN WATERHULPBRONNE	1
Wat is deelname?	2
Seksie A: Deelnemende Bestuur vir Waterhulpbronne	3
1. Wetgewing en beleidsraamwerk	3
2. Om 'n werkbare begrip vir 'deelname' te vind	6
3. Knelpunte en probleme	9
4. Aannames oor deelname aan die bestuur van waterhulpbronne	13
Seksie B: Instansies vir Waterbestuur – Voorbeelde en Vrae	16
5. Die sosiale konteks	16
6. Instansies vir Waterbestuur	16
7. Die proses om 'n Bestuursagentskap vir die Opvangsgebied (BAO) tot stand te bring	20
8. Die verskillende maniere om 'n BAO tot stand te bring	23
9. Wat ons geleer het en gevolgtrekkings	26
Seksie C: Deelname aan die Stigting van BAOs: Twee Gevallestudies	27
10. Gevallestudie 1: Die stigting van 'n BAO vir die Inkomati Waterbestuurarea (WBA)	27
11. Gevallestudie 2 : Die stigting van 'n BAO vir die Mvoti-Mzimkulu WBA	37
12. Gevolgtrekkings van die twee gevallestudies	45

DEEL 2: DEELNAME AAN DIE BESTUUR VAN WATERHULPBRONNE – ‘N TAAK-GEORIËNTEERDE BENADERING

47

1. Om die waterhulpbron te bestuur	48
2. Wat is die ‘regte hoeveelheid’ deelname?	49
3. Die siklus vir die bestuur van waterhulpbronne	51
4. Monitering en evaluasie van deelname	58
5. ‘n Gevallestudie van taak-georiënteerde deelname: Die Bestuursplan vir die Katrivier Opvanggebied	61

Ten slotte

65

Woordelys

66



DEEL EEN
DEELNAME AAN DIE BESTUUR VAN
WATERHULPBRONNE IN SUID-AFRIKA

WAT IS DEELNAME?

Die Nasionale Waterwet nooi elkeen wat water gebruik uit om deel te neem aan besluite oor water – hoe water toegeken en versprei word en hoe daarna omgesien word.

Wat presies beteken ‘deelname’? Die woordeboek sê dat deelname eenvoudig beteken om deel te neem aan iets, maar daar is baie maniere om dit te verstaan.

Hierdie boek verduidelik waarom deelname so belangrik is in die bestuur van waterhulpbronne. Dit neem die wet wat die bestuur van water as hulpbron beheer en die strukture en organisasies betrokke by die bestuur van waterhulpbronne in oënskou. Dit identifiseer verskillende idees en debatte rondom die bestuur van waterhulpbronne. Dit dui verskillende maniere aan om organisasies vir watersake daar te stel en om bestuursprosesse vir waterhulpbronne uit te voer in ‘n WBA. Hierdie benadering laat almal wat water gebruik toe om deel te neem aan besluite, sodat besluite regverdig kan wees teenoor almal en waterhulpbronne beskerm kan word.



SEKSIE A: DEELNEMENDE BESTUUR VIR WATERHULPBRONNE - VERKLARINGS EN AANNAMES

1. WETGEWING EN BELEIDSRAAMWERK

Gedurende die apartheids-era het die regering al die besluite oor die bestuur van water geneem. Gewone mense is byna nooit geraadpleeg nie. Toegang tot water was nie op gelyke manier beslis nie en het afgehang van waar die water was – op wie se grond dit was of wie langs dit gebly het. Wit mense het beter toegang tot water gehad as swart mense. In 1998 het 'n nuwe wet, die Nasionale Waterwet, in werking getree en dit stel 'n nie-rassige, deelnemende manier van bestuur daar om besluite te neem oor waterhulpbronne en die toekenning daarvan.

Die Nasionale Waterwet het twee belangrike nuwe idees oor waterregte daargestel:

- *Wie kan water gebruik?* Onder die ou wet het slegs mense wat land met 'n waterbron op dit of langs dit die reg gehad om daardie waterbron te gebruik. Onder die nuwe Nasionale Waterwet het elkeen die reg om water te gebruik.
- *Hoe moet ons water gebruik?* Geen waterbron het 'n onbeperkte hoeveelheid water nie. Die Nasionale Waterwet probeer om te verseker dat water nie oormatig gebruik word nie en dat dit beskerm word in 'n gesonde toestand sodat dit aan die lewensbehoeftes van alle lewende organismes kan voldoen.

Die drie hoofbeginsels van die Nasionale Waterwet is:

1. Water is 'n openbare bate – dit kan nie onder privaatbesit val nie.
2. Toegang tot water is 'n mensereg – elkeen het 'n reg daartoe.
3. Die opvanggebied, wat die natuurlike stroomgebied is, is die eenheid wat gebruik word om water te bestuur.

1) *Water is 'n openbare bate*

In meeste lande word water as 'n openbare bate beskou, eerder as iets onder privaatbesit. Die gemeenskap, dit wil sê die gewone mense, moet besluit wat 'openbare bate' beteken en hoe dit ten goede aangewend moet word.

2) Water is 'n mensereg

In Suid-Afrika word toegang tot skoon water as 'n mensereg erken. Omgewings- en waterregte word beskerm deur Suid-Afrika se Verklaring van Menseregte. Die Nasionale Waterwet beklemtoon menseregte. Dit het ten doel om die euwels en wanbalanse van die verlede aan te spreek en te herstel. Die Nasionale Waterwet probeer om 'n inspraak te gee vir mense wat in die verlede geen politieke regte gehad het nie en om ook 'n inspraak te gee vir die belange van die waterhulpbron self en aan alle lewende wesens wat van water afhanklik is vir oorlewing.

'n Goeie begrip van menseregte laat mense toe om produktief deel te neem aan die bestuur van waterhulpbronne. Die navorsers vir hierdie boek het egter gevind dat mense soms 'n swak begrip het van wat 'menseregte' beteken.

3) Die opvanggebied is die eenheid vir die bestuur van waterhulpbronne

Die grens van die stroomgebied – die opvanggebied – is die natuurlike area waar reënval in riviere versamel. Volgens die Nasionale Waterwet is elke opvanggebied die area waar bestuur oor waterhulpbronne uitgeoefen behoort te word, eerder as binne vasgestelde administratiewe areas of volgens riviersgrense. Opvanggebiede is gewoonlik baie groot, so mense se denkwyse oor die bestuur van waterhulpbronne moet gefokus wees op 'n breër werklikheid as op dorps- of distriksvlak.

As ons dink aan watervoorsiening vir 'n hele opvanggebied, dan moet ons in ag neem hoe die manier waarop mense water gebruik by die beginpunt van 'n stroom of rivier (stroomopwaartse gebruik) die kwaliteit en hoeveelheid water laer af in die rivier (stroomafwaarts) gaan beïnvloed. As ons die waterhulpbron uit die perspektief van die hele opvanggebied beskou, eerder as slegs vir ons eie dorp of distrik, dan sal ons deelname meer effektief wees.



WATER, DEELNAME EN SUID-AFRIKAANSE WETGEWING

Die Grondwet

Die Grondwet van Suid-Afrika erken die reg tot water. Dit beteken dat elkeen geregtig is op genoeg veilige en bekostigbare water vir tuisgebruik. Die Grondwet laat ook alle mense in die land toe om deel te neem aan besluite oor water wat hulle lewens raak.

Die Grondwet sê dit is die verantwoordelikheid van die Staat om die reg tot water te *fasiliteer* en te *bevorder* en om water te *voorsien*.

Fasiliteer: die Staat moet individue en gemeenskappe help om ingelig te wees oor hulle waterregte en om die regte te gebruik.

Bevorder: die Staat moet seker maak dat mense opgevoed word oor die higiëniese gebruik van water, die beskerming van water as hulpbron en oor maniere om watervermorsing te minimaliseer.

Verskaf: die Staat moet 'n Nasionale Waterstrategie en plan van aksie opstel en uitvoer ten bate van die hele bevolking. Die plan van aksie moet veral aandag skenk aan benadeelde groepe.

Alle Suid-Afrikaanse burgers moet verantwoordelikheid aanvaar vir die manier waarop hulle water gebruik en moet aktief deelneem aan besluitneming oor die gebruik van water in hulle opvanggebied.

Die Nasionale Waterwet

Die Nasionale Waterwet sê dat die Staat seker moet maak dat mense 'n kans kry om deel te neem aan besluitneming voordat die Staat enige besluit neem oor die bestuur van waterhulpbronne. Dit moet op die volgende twee maniere plaasvind:

1) Belanghebbendes en watergebruikers moet geraadpleeg word oor elke stap in die proses om waterhulpbronne te bestuur, van begin tot einde.

2) Voordat enige iets wet kan word, moet 'n kennisgewing in die *Staatkoerant* geplaas word om die mense van die land uit te nooi om geskrewe kommentaar te lewer.



2. OM 'N WERKBARE BEGRIP VIR 'DEELNAME' TE VIND

Alhoewel die Nasionale Waterwet dit duidelik maak dat mense aan die bestuur van waterhulpbronne moet deelneem, sê dit nie presies hoe dit gedoen behoort te word nie.

Daar was al baie verskillende interpretasies van wat deelname beteken en wat die pligte van die regering en ander belanghebbendes is. Die navorsing vir hierdie boek wys dat deelname in die bestuur van waterhulpbronne op verskeie maniere kan gebeur, byvoorbeeld:

- Mense word ingelig oor beleidsbesluite en uitgenooi om daarop kommentaar te lewer.
- Mense neem deel aan 'n besprekingsforum wat beleidsbesluite kan beïnvloed.
- Mense word toegelaat om besluite te neem en te stem oor besluite oor die bestuur van waterhulpbronne.
- Mense is aktief betrokke in besluitneming en die uitvoer van beleid ten opsigte van die bestuur van waterhulpbronne.

Dit is die taak van deskundiges in elke konteks wat gemoeid is met die bestuur van waterhulpbronne om die beste maniere te vind waarop mense deel kan neem en om hulle kapasiteit uit te bou. Dit is altyd wys om te vra: 'Waarom word mense gevra om deel te neem?' en 'Wie behoort deel te neem?'

DIE DOEL VAN DEELNAME

Deelname het twee hoof doelstellings: om mense se opinies te bepaal (raadpleging) en om mense direk of indirek in besluitneming betrokke te maak.

Raadpleging

Die Nasionale Waterwet sê dat mense wat geraak word deur enige besluit oor waterhulpbronne geraadpleeg moet word voordat die besluit gefinaliseer kan word. Raadpleging is die vorm van deelname wat oor die algemeen gebruik word wanneer breë openbare deelname nodig word. Een van die maniere om mense te raadpleeg is om voorstelle in die Staatskoerant te publiseer en mense uit te nooi om geskrewe kommentaar te lewer. Nog 'n manier is om planne vir die bestuur van waterhulpbronne tydens 'n openbare vergadering voor te lê en mense se kommentaar te vra.

As dokumente in die Staatskoerant slegs na plekke soos biblioteke, distriksmunisipaliteite en die kantore van tradisionele outoriteite gestuur word, sal daar nie baie terugvoer wees nie. Meer mense sal reageer as die dokumente ook na spesifieke belangegroepe gestuur word en as die voorstelle of voorlopige planne of konsepdokumente by werkswinkels bespreek word waar mense se kommentaar opgeteken kan word.

Besluitneming

Besluitnemende deelname is nodig wanneer al die belanghebbendes direk geraak word deur 'n besluit wat waterhulpbronne raak, byvoorbeeld wanneer daar onderhandel word oor hoe water toegeken moet word binne 'n opvanggebied. Omdat dit nie moontlik is vir elke individu in die land om deel te neem aan besluitneming nie, word daar organisasies soos BAOs, Watergebruikersverenigings (WGVs) en Opvanggebiedforums (OFs) gestig as platforms vir deelname vir verskillende groepe met eie behoeftes en belange. Die rol van sulke organisasies is om verskillende groepe in 'n opvanggebied te verteenwoordig en om hulle in staat te stel om besluite oor die bestuur van waterhulpbronne te neem. Die verteenwoordigers probeer dan om ooreen te kom (konsensus te bereik), sodat almal baat sal vind by die oplossing en die waterbron self in ag geneem sal word.

Die regering verkies dat plaaslike strukture meer verantwoordelikheid vir die bestuur van waterhulpbronne op plaaslike vlak aanvaar. Om die gesag om besluite te neem aan die plaaslike strukture oor te dra is deel van 'n plan om groter aanspreeklikheid en verteenwoordiging op te bou op die vlak van die opvanggebied self. Die stigting van 'n BAO is 'n manier waarin deelname gebruik word om die bestuur van waterhulpbronne te desentraliseer.



REDES WAAROM MENSE WIL DEELNEEM AAN DIE BESTUUR VAN WATERHULPBRONNE

Daar is verskeie redes waarom gemeenskappe, groepe of individue wil deelneem aan die bestuur van hulle waterhulpbronne, soos:

Om 'n behoefte uit te druk

Mense neem dikwels deel oor hulle 'n behoefte het of 'n saak wil uitpluis. Deelname van hierdie aard kan ophou wanneer die behoefte bevredigend opgelos is.

Om 'n gevoel van eienaarskap te ervaar

Deelname laat mense voel dat hulle die projek rondom hulle waterhulpbronne 'besit'. As hulle eienaarskap aanvaar, sal hulle meer verantwoordelikheid aanvaar vir die proses om waterhulpbronne te bestuur en vir die waterhulpbron self.

Om ongelykhede in die verlede reg te stel en aan die behoeftes van arm mense te voldoen

Deelname kan 'n manier wees om die ongelykhede van die verlede te verander en om na die behoeftes van arm mense om te sien. Deur deel te neem, word arm mense bemagtig en kan hulle meer beheer kry oor hulle lewens.

MANIERE VAN DEELNAME WAT DEUR DESKUNDIGES IN DIE BESTUUR VAN WATERHULPBRONNE GEBRUIK WORD

Stig vennootskappe vir implementasie

Deelname deur vennootskappe gebeur gewoonlik in verhouding tot 'n amptelike liggaam soos 'n BAO, wat die gesag het om aktiwiteite te koördineer en vennootskappe te ontwikkel. Vennootskappe kan ook gevorm word tussen 'n gemeenskapsgroep en 'n Nie-regeringsorganisasie of 'n ander instansie. Vennootskappe kan gevorm word om spesifieke sake aan te spreek, soos om fondse te kry om 'n BAO te stig, of om 'n konfliktsituasie op te los.

Opbou van kapasiteit

Die opbou van kapasiteit gee mense die kennis en self-vertroue wat hulle nodig het om deelname die moeite werd te maak. Mense is gewoonlik nie gretig om deel te neem aan 'n proses as hulle nie weet hoekom hulle dit doen nie. Dit is hoekom kapasiteitsbou nodig is. Inderwaarheid is deelname opsigself 'n kragtige manier om kapasiteit te bou.

3. KNELPUNTE EN PROBLEME

Personeel by die Departement Waterwese en Bosbou (DWAF – Department of Water Affairs and Forestry) het kommer uitgespreek oor deelname. Aspekte waaroor hulle besorg is, kan opgesom word in die volgende vrae:

- Beskik organisasies, die regering en die samelewing as geheel oor die kapasiteit om deel te neem?
- Is deelname bekostigbaar?
- Hoe kan ons gemarginaliseerde groepe bereik?
- Hoe kan ons weet of deelname sinvol is vir mense?
- Behoort ons aan deelname te dink as 'n proses of as 'n produk?

Knelpunte en wat ons geleer het oor deelnemende en geïntegreerde bestuur van waterhulpbronne

A. Desentralisasie of dekonsentrasie?

Die Nasionale Waterwet sê dat die bestuur van waterhulpbronne gedentraliseer moet wees – waterhulpbronne behoort op plaaslike eerder as nasionale vlak bestuur en beheer te word. Die doel van 'n beleid van desentralisasie is om instansies toerekeningsvatbaar te maak teenoor plaaslike belanghebbendes en om plaaslike inwoners meer betrokke te maak.



Soms werk desentralisasie nie soos dit behoort te werk nie en verander dit in 'dekonsentrasie'. Dekonsentrasie beskryf 'n situasie waar 'n sentrale regering die plig van die werk na die plaaslike regering verskuif, maar nie die plaaslike regering genoeg gesag of hulpbronne gee om besluite te neem of die werk te doen nie. 'n Sentrale regering gee soms die verantwoordelikheid aan die plaaslike gesag sonder om seker te maak dat die mense op plaaslike vlak die vermoë het om 'n beleid vir die bestuur van waterhulpbronne verantwoordbaar te implementeer.

OM TE ONTHOU

In ander lande het desentralisasie beste gewerk wanneer plaaslike organisasies verantwoordelik vir die bestuur van waterhulpbronne genoeg hulpbronne gegee is en daar goeie wetlike ooreenkomste oor deelname in plek gestel is. Dit is suksesvol wanneer elke vlak van regering en elke organisasie/instansie hulle eie rol verstaan en 'n duidelike rol het in die verbetering van belanghebbendes se deelname.

B. Om arm mense te bereik

Baie mense in die regering, beide op nasionale- en streeksvlak, voel dat hulle nie die armes kan bereik nie en weet nie hoe om arm mense in deelname te betrek nie. Die nasionale regering is egter vasbeslote om iets aan hierdie situasie te doen.

Verskeie strukture is reeds in plek gestel of word tans in plek gestel om gemeenskappe se deelname in die bestuur van waterhulpbronne aan te moedig. Dit gebeur veral in die vorm van OFs en WGVs. Soms weet gemeenskappe nie hoe om hierdie strukture te gebruik wanneer hulle beskikbaar is nie. Daar kan goeie redes wees hoekom nuwe strukture nie gebruik word nie. Byvoorbeeld, miskien pas hulle nie in by plaaslike gebruike of kulture nie.

OM TE ONTHOU

Dit is belangrik vir BAOs om maniere te vind om binne plaaslike kulture en bestaande praktyke te werk. Dit beteken onder andere om respek te hê vir plaaslike kennis.

Wanneer 'n BAO gestig word, is dit belangrik om seker te maak of plaaslike inwoners gelyke toegang tot water het en of daar gelyke geleenthede is vir almal om deel te neem aan die bestuur van waterhulpbronne. As daar ongelykhede is, sal belanghebbendes nie behoorlik verteenwoordig word op die BAO nie. Om ongelykhede te identifiseer kan uitwys waar die BAO kapasiteit behoort uit te bou.

C. Verteenwoordiging

Daar is probleme wanneer verteenwoordiging nie regverdig geskied nie. Verteenwoordigende liggame behoort al die verskillende belanghebbende groepe in te sluit. Selfs al word al die groepe verteenwoordig, beteken dit nie noodwendig dat deelname altyd goed sal wees nie. Aspekte soos die belanghebbendes se voordele, regmatigheid en mag kan deelname op 'n negatiewe manier beïnvloed.

- *Belanghebbendes se gevestigde belange:* Sommige van die belanghebbendes kan 'n sterker inspraak hê as ander as gevolg van hulle ekonomiese posisie of politieke verbintenis. Die belange van sommige individue of groepe kan dus prioriteit geniet bo menslike oorlewing en ekologiese standhoudendheid. Spesifieke plaaslike belange kan voorskryf wie verteenwoordig word en hoeveel hulle wel deelneem.
- *Aangewysde verteenwoordiging ter wille van regmatigheid:* Verteenwoordiging word somtyds gebruik om regmatigheid (legimiteit) of geloofbaarheid vir regeringsprosesse te bekom eerder as om belanghebbendes die

geleentheid te bied om sinvol deel te neem.

- **Mag:** Deelname aan die bestuur van waterhulpbronne beteken om mag te deel tussen al die belanghebbendes. Om mag te deel moet daar 'n goeie verteenwoordiging wees ten opsigte van gemeenskap, ras en geslag. Geslagsgelykheid – die magsverdeling tussen mans en vrouens – is altyd 'n belangrike faktor.

OM TE ONTHOU

Die bestuur van waterhulpbronne in Suid-Afrika moet al die verskillende belange balanseer. Menslike oorlewing en ekologiese standhoudendheid is net so (of meer) belangrik as mense se korttermyn belange in ekonomiese ontwikkeling. Let spesifiek daarop dat vrouens of ander benadeelde groepe nie uitgelaat word in die proses nie.

D. Kapasiteitsbou

Om mense se kapasiteit uit te bou berei hulle voor en leer hulle om deel te neem aan die bestuur van waterhulpbronne. Dit verwys nie net na arm en ongeskoolde mense nie – alle belanghebbendes het ondersteuning nodig om die wette, beleid en wetenskap rondom die bestuur van waterhulpbronne te verstaan.

OM TE ONTHOU

Om ten volle deel te neem, moet belanghebbendes in die bestuur van waterhulpbronne waterbeleid, omgewingswetenskappe, wetgewing en menseregte verstaan. Hulle moet verstaan hoe organisasies betrokke by waterhulpbronne werk en watter strukture en organisasies beskikbaar is om hulle te help.

Die bestuursmetodes betrokke by waterhulpbronne het in die ontwikkelde wêreld ontstaan. Mense wat nie gewoon is aan sulke metodes nie, vind dit dikwels moeiliker om deel te neem aan die bestuur van waterhulpbronne. Meeste belanghebbendes ken nie die bestuurstelsel wat in watersake gebruik word nie en dit stel 'n nuwe soort taal en nuwe manier om dinge te doen bekend, wat dus vir hulle vreemd is.

Belanghebbendes benodig tegniese kennis, maar hulle moet ook die konsepte 'demokrasie' en 'deelname' verstaan.




E. Die koste verbonde aan deelname

Om mense se kapasiteit om deel te neem uit te bou en strukture om dit te doen daar te stel kan baie tyd en geld verg. As dit metodies gedoen word, dan spaar dit koste oor die lang termyn om kapasiteit uit te bou, want dit leer mense om self hulle sake te bestuur. Wanneer konsultante gebruik word om kapasiteit uit te bou, dan is dit belangrik dat die konsultasieproses goed bestuur word en dat mense in die plaaslike strukture gemoeid met die bestuur van waterhulpbronne ook opgelei word, sodat vaardighede en inligting nie verlore gaan wanneer die konsultante klaar is met hulle werk en weggaan nie.

OM TE ONTHOU

Dit is die regering se plig om seker te maak dat deelname aan die bestuur van waterhulpbronne plaasvind en om seker te maak dat deelname volhou. Geld en kundige mense moet met omsigtigheid aangewend word.



4. AANNAMES OOR DEELNAME AAN DIE BESTUUR VAN WATERHULPBRONNE

Deelnemende prosesse is dikwels kompleks en het nie vanselfsprekend die resultate wat die betrokkenes verwag nie. Hier bespreek ons 10 aannames wat deskundiges in watersake en ander betrokkenes dikwels maak oor deelname aan die bestuur van waterhulpbronne.

Aanname 1:

Deelname opsigself sal tot regverdige en onderhoubare besluite lei

Deelnemende bestuur van waterhulpbronne word egter dikwels ten gronde gery deur ongelyke magsverhoudings. Arm gemeenskappe vind dit gewoonlik moeilik om hulle behoeftes oor waterhulpbronne met grondeienaars en plaaslike politieke verteenwoordigers te bespreek. Deskundiges in die bestuur van waterhulpbronne behoort vroeg in die proses aan ongelyke magsverdeling te dink, anders kan magskewessies erger word.

Aanname 2:

Om strukture soos BAOs, WGVs en OFs op te rig sal deelname verseker

'n Struktuur opsigself kan nie die visie vir die bestuur van waterhulpbronne, soos uiteengesit in die Nasionale Waterwet, uitvoer nie. Deelnemende bestuur van waterhulpbronne gebeur nie as gevolg van wetgewing en strukture nie. Dit het leierskap nodig, veral waar gemeenskapsgroepe nie juis georganiseer is nie en waar daar groot verskille is in magsverhoudings tussen ryk en arm mense.

Wanneer mense aan deelname aan plaaslike strukture dink, dan dink hulle gewoonlik aan hierdie dinge:

- Hoeveel mense sal dit bywoon?
- Word al die belanghebbendes verteenwoordig?
- Hoe sal die komitee georganiseer word?
- Wanneer sal die komitee bymekaarkom?
- Wat moet in die plaaslike organisasie se grondwet ingesluit word?

Maar die belangrikste vraag is: 'Bevredig die organisasie mense se behoeftes?' As dit nie gebeur nie, dan sal mense belangstelling verloor en die proses verlaat.

Aanname 3:

Belanghebbendes se identiteit en belange is duidelik gedefinieer

Belanghebbende groepe definieer dikwels nie hulle belang of hulle

identiteit duidelik nie. 'n Groep kan 'n verskeidenheid belange en identiteite verteenwoordig, byvoorbeeld verskillende tipes besighede en plase wat water gebruik vir kleinskaalse produksie.

Aanname 4: Mense neem vrywillig deel

Party mense dink dat deelnemers altyd positiewe resultate het en dat deelnemers altyd 'n ooreenkoms sal bereik wat aanvaarbaar is vir al die belanghebbendes en wat die waterbron beskerm. Maar ons behoort nie aan te neem dat dit so sal gebeur nie. Mense is soms onwillig om in gesprek te tree oor hierdie sake. Deelname kan moontlik nie tot 'n positiewe resultaat lei nie. Konflik kan dalk nie opgelos word nie. Soms word daar ooreenkomste bereik wat nie die verskille tussen die belanghebbendes respekteer nie.

Aanname 5: Deelname sal konflik verminder

Mens behoort nie aan te neem dat deelname vanselfsprekend konflik sal verminder nie. Om teenstrydige opinies te lug is in elk geval dikwels gesond, want dit kan almal bewus maak van al die pertinente kwessies, ook die behoeftes van armer groepe. 'n Periode van konflik kan lei tot beter ooreenkomste tussen belanghebbendes.

Aanname 6: Formele strukture is al wat nodig is

In Suid-Afrika begin ons om formele bestuursstelsels vir waterhulpbronne te gebruik. In baie gevalle word toegang tot water egter steeds beheer deur tradisionele instansies in 'informele' tradisionele maniere. Party mense glo dat vrouens meer beheer het onder informele tradisionele stelsels. Ander reken dat vrouens in landelike gebiede dikwels nie deelneem wanneer daar mans teenwoordig is nie. Verdere navorsing is nodig om uit te vind hoe groepe wat vrouesake bevorder en informele gemeenskapsgroepe deel kan word van die nuwe formele deelnemende strukture.

Aanname 7: Watergebruik is die belangrikste manier om belanghebbendes te kategoriseer

As mense ingedeel word in kategorieë van 'watergebruik' wat deur ander mense opgestel is, kan hulle ongemaklik voel. Hulle kan dalk minder geneë wees om vrymoedig deel te neem.

Aanname 8: Deelnemende prosesse en onderhandelings is deursigtig

Mense dink gewoonlik dat deelnemende prosesse 'deursigtig' is – dat daar nie oneerlikheid of korrupsie is nie omdat almal deelneem. Dit is egter nie noodwendig waar nie. Byvoorbeeld, belanghebbendes kan dalk sekere inligting weerhou om 'n voordeel bo ander deelnemers te behou gedurende onderhandelings.



Aanname 9:

Deelname handel oor die standhoudendheid van die waterhulpbron

Die inwoners van WBAs dink nie noodwendig aan die welstand van die ekosisteem wanneer hulle aan hulle eie behoeftes wil voldoen nie. Om die waarheid te sê, deskundiges in die bestuur van natuurlike hulpbronne sê dat belanghebbendes net tot onderhandeling sal instem as hulle dink dat hulle meer baat kan vind by onderhandeling as met ander metodes.

Aanname 10: Mense neem deel oor hulle besorg is oor die hulpbron

Dit kan waar wees, maar daar kan ook baie ander redes wees waarom mense deelneem, byvoorbeeld:

- **Betaling:** In sommige WBAs word belanghebbendes betaal om na vergaderings te kom.
- **Ekonomiese aansporing:** Mense neem dikwels deel in die hoop dat hulle werk sal kan kry daardeur, óf by die organisasie wat waterbestuur uitoefen, óf deur ander mense wat betrokke is by die bestuur van die waterhulpbron.
- **Indirekte behoeftes:** Vergaderings kan geleenthede bied om te sosialiseer. Sommige mense kan dit aantreklik vind om vergaderings by te woon bloot oor daar kos aangebied word. Daar was al gevalle waar mense opgedaag het net voor middagete en kort daarna weer die vergadering verlaat het.
- **Fasilitering:** Belanghebbendes kan deelneem as gevolg van die manier waarop die proses hanteer word. Belanghebbendes van benadeelde gemeenskappe kan deelneem oor hulle voel dat hulle belange aangespreek word of oor vergaderings en werksinkels aangebied word op 'n manier wat nie intimiderend is vir hulle nie of oor hulle voel dat die fasiliterende span toegewyd is aan hulle saak.
- **Openbare beeld:** Grootse skaalse watergebruikers kan deelneem om 'n openbare beeld te skep wat die indruk gee dat hulle na ander luister en besorg is oor die hulpbron. Hulle ware rede vir deelname kan dalk wees om toekomstige weerstand teen hulle aktiwiteite in die opvanggebied te verminder.

SEKSIE B: INSTANSIES VIR WATERBESTUUR - VOORBEELDE EN VRAE

5. DIE SOSIALE KONTEKS

Suid-Afrika is vasbeslote om instansies en organisasies daar te stel wat gebaseer is op die beginsels van regverdigheid, doeltreffendheid en standhoudendheid. Om hierdie beginsels te laat geld, is deelname noodsaaklik.

Die Nasionale Waterwet sê dat die stigting van 'n BAO 'n deelnemende proses moet wees. Die Wet sê dat daar breë raadgevende prosesse moet wees en dat alle belanghebbendes verteenwoordig moet word. Hierdie breë vereiste akkommodeer baie verskillende vorms van deelname binne elke opvanggebied.

6. INSTANSIES VIR WATERBESTUUR

Die hoof geografiese areas vir waterbestuur word Waterbestuurareas (WBAs) genoem. Die institute wat vir die WBAs verantwoordelik is, word Bestuursagentskappe vir Opvanggebiede (BAOs) genoem. Die BAOs word bygestaan deur ander strukture vir bestuur waarin mense kan deelneem. Hierdie strukture strek van Watergebruikersverenigings (WGVs), wat organisasies van geregistreerde watergebruikers is, tot minder formele platforms vir belanghebbendes, soos Bestuursforums vir Opvanggebiede (wat ook Opvanggebiedforums of OFs genoem word).

Die diagram hieronder wys hoe hierdie instansies saamwerk. Die BAO is die sentrale agentskap wat die ander strukture koördineer.






DIAGRAM uit: Squazzin, T., Du Toit, D. (2002) Issues of access: Professional portfolio unit 8. Limpopo, Save the Sand Project. AWARD. South Africa.

In 2006 was baie van hierdie strukture nog nie in plek nie. Daar was nog net twee formeel gestigde BAOs en die proses om die voormalige Besproeiingsrade te transformeer na WGVs het stadig gevorder. Daar was egter baie OFs in Suid-Afrika en hulle betrokkenheid het gewissel van baie aktief tot dormant. Sommige van hierdie forums is deur DWAF erken, terwyl ander nog gesukkel het om erkenning te verkry.

DWAF het gedetailleerde riglyne opgestel oor hoe instansies vir waterbestuur opgerig behoort te word. Hierdie dokumente is beskikbaar by DWAF se nasionale kantoor.

BAOs

Die doel van 'n BAO is om alle belanghebbendes in 'n WBA betrokke te kry in die bestuur van waterhulpbronne. Wanneer 'n BAO gestig is, is die taak van hierdie agentskap om die aktiwiteite en deelname van al die belanghebbendes en al die instansies vir waterbestuur in die WBA te koördineer. Dit word gedoen volgens 'n Strategie vir die Bestuur van die Opvanggebied.

Die Nasionale Waterwet sit die basiese komponente van 'n BAO uiteen, maar laat die mense binne die WBA toe om te besluit hoe daardie komponente saam sal werk. Die enigste wetlike vereiste is dat elke BAO bestuur moet word deur 'n Bestuursraad wat deur die Minister van Waterwese en Bosbou aangestel word. Sommige van die aanvaarde voorstelle vir BAOs het al baie van mekaar verskil, omdat elke BAO met verskillende soorte belanghebbendes en finansiële hulpbronne te make het.

Wanneer 'n BAO gestig is, hoef dit nie onmiddellik al sy verantwoordelikhede uit te voer nie. Die nuwe BAO personeel sal tyd nodig hê om hulle kapasiteit uit te bou en hulle infrastruktuur daar te stel. Sommige van die BAO se funksies kan tydelik deur ander instansies, soos die Waterrade of WGVs, uitgevoer word.

WGVs

'n WGV is 'n wetlik geregistreerde organisasie wat bestaan uit verskillende watergebruikers binne 'n opvanggebied. Die gebruikers moet almal geregistreerde watergebruikers wees – dit is gewoonlik industrieë of plase of munisipaliteite. Mense wat net water vir hulle huise gebruik kwalifiseer nie as geregistreerde gebruikers nie. 'n WGV is een van die belanghebbendes in die totstandkoming van 'n BAO.

Al die Besproeiingsrade word getransformeer tot WGVs. Die idee is om



dit op 'n deelnemende manier te doen, sodat watergebruikers wat nie verteenwoordig was op die Besproeiingsrade tydens apartheid nie, ook ingesluit sal word.

OFs

'n OF, wat soms ook 'n Bestuursforum vir die Opvanggebied genoem word, is normaalweg 'n informele organisasie wat deur DWAF of deur deskundiges in waterbestuur of deur gemeenskappe self gestig word. Die OFs is forums vir plaaslike betrokkenheid van belanghebbendes. Soms word hulle deur DWAF gestig om kommunikasiekanale met belanghebbendes daar te stel. Daar kan 'n OF wees vir elke verskillende geografiese area in 'n opvanggebied of vir 'n sub-opvanggebied.

'n OF kan ook gestig word deur 'n groep belanghebbendes wat 'n plaaslike kwessie rondom waterbestuur wil aanspreek. Wanneer die kwessie opgelos is, kan die forum uiteengaan, of dit kan voorgaan om ander sake te oorweeg.

Bestuurskomitees vir Opvanggebiede

'n Bestuurskomitee vir die Opvanggebied is 'n formele en verteenwoordigende organisasie van belanghebbendes wat die BAO ondersteun in die uitvoer van sy pligte. Om bestuurskomitees vir die verskillende sub-ontvanggebiede in 'n WBA te stig is een van die eerste take van 'n BAO.

Raadgewende Komitee

'n Raadgewende Komitee is 'n komitee wat deur die wet vereis word en wat die Minister van Waterwese en Bosbou raad gee oor die samestelling van die BAO se Bestuursraad. Die lede word genomineer deur belanghebbendes of deur organisasies van belanghebbendes.

7. DIE PROSES OM 'N BAO TOT STAND TE BRING

Die Nasionale Waterwet sê dat 'n BAO óf deur die Minister óf deur belanghebbendes tot stand gebring kan word. Tot dusver is omtrent al die BAOs namens die Minister deur DWAF gestig. DWAF voer die BAO se verantwoordelikhede uit totdat die agentskap self sy eie funksies kan uitvoer. DWAF moet ook plaaslike deelname in die bestuur van waterhulpbronne aanmoedig en ondersteun totdat die BAO dit self kan doen.

Soms word 'n BAO gestig voordat die substrukture soos OFs en WGVs in plek is. Hierdie substrukture moet soms opgestel word deur dieselfde mense wat die BAO oprig. In sommige opvanggebiede het DWAF deskundiges hierdie substrukture opgestel as 'n manier om deelname te ontwikkel en te ondersteun. Hierdie benadering kan 'n sterk fondasie daarstel vir belanghebbendes se deelname in die bestuur van waterhulpbronne.

Die proses om 'n BAO tot stand te bring neem tyd. As dit te vinnig gebeur, sal deelname deur gemarginaliseerde groepe oor die algemeen aangewys word op papier, sonder om 'n werklike effek te hê in die praktyk. Eerder as om die proses te vinning deur te voer, behoort deskundiges in die bestuur van waterhulpbronne bereid te wees om tyd en hulpbronne toe te wys aan fasilitering, opvoeding en motivering totdat mense gereed is om te besluit wie hulle kan verteenwoordig.

Daar is twee duidelik onderskeibare fases in die totstandkoming van 'n BAO:

1. Ontwikkeling van 'n voorstel vir die stigting van 'n BAO
2. Nominasie van die Bestuursraad

DWAF het gedetailleerde riglyne oor hierdie fases gepubliseer en dit sluit 'n raamwerk vir die vereistes vir deelname in.

Fase 1. Ontwikkeling van 'n voorstel vir die stigting van 'n BAO

Belanghebbendes stel hulle visie bekend in 'n 'BAO Stigtingsvoorstel'. Alle belanghebbendes behoort hulle inset tot hierdie visie te lewer. Inwoners in die opvanggebied kan enigeen wat geraak word deur die bestuur van die hulpbron uitnooi om deel te neem.

Die BAO voorstel word aan die Minister voorgelê vir evaluasie en goedkeuring. 'n Voorstel sal afgekeur word om die volgende redes:

- As daar nie 'n ernstige poging was om al die belanghebbendes te betrek nie.

- As die belanghebbendes nie ten volle verteenwoordigend is van die mense wat in die opvanggebied bly nie.
- As die DWAF kantoor nie deel van die proses was nie.
- As die voorstel nie finansieel vatbaar is nie.

Die Minister publiseer dan details vir die voorgestelde BAO in die *Staatskoerant* en nooi mense uit om binne 60 dae kommentaar te lewer. Almal wat betrokke was by die ontwikkeling van die voorstel behoort ook ingelig te word oor die voorstel in die *Staatskoerant*. Wanneer alle kommentaar oorweeg is, publiseer die Minister 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* wat die BAO formeel tot stand bring.

DEELNAME AAN DIE PROSES OM DIE VOORSTEL TE ONTWIKKEL

Identifiseer al die belanghebbendes wat geraak sal word deur die voorstel. Die proses om die voorstel te ontwikkel kan gebruik word as 'n manier om toekomstige deelname aan te moedig en te struktureer.

Identifiseer die behoeftes van belanghebbendes

Die behoeftes van die belanghebbendes moet uiteengesit word sodat die BAO 'n Strategie vir die Bestuur van die Opvanggebied kan ontwikkel. Hoe duideliker hierdie behoeftes uiteengesit word en verstaan word aan die begin, hoe makliker is dit om op hierdie kennis voort te bou en nuwe behoeftes by te voeg.

Versterk die belanghebbendes se kapasiteit

Die proses om die voorstel te ontwikkel is 'n geleentheid om die belanghebbendes op te voed oor BAO beleid en prosedures en om 'n kultuur van leer en die kapasiteitsbou rondom die bestuur van waterhulpbronne daar te stel.

Stig instansies vir waterbestuur

Die ontwikkeling van die voorstel is 'n geleentheid om die belanghebbende groepe te mobiliseer en hulle aan te moedig om deelnemende strukture soos OFs en WGVs daar te stel.



Fase 2. Formele stigting van 'n BAO en aanstelling van 'n Bestuursraad
 Aseerstestap stel die Minister 'n Raadgewende Komitee aan om aanbevelings te maak oor die samestelling van die Bestuursraad en om nominasies tot die Raad uit te roep.

Nadat aanbevelings van die Raadgewende Komitee ontvang is, moet die Minister staats- en openbare organisasies uitnoui om verteenwoordigers tot die Raad te nomineer. Die posisies op die Raad sal identifiseer word deur die Raadgewende Komitee en die Verwysingsgroep of die Bestuurskomitee vir die Opvanggebied van die WBA. Die Minister moet seker maak dat DWAF verteenwoordig word en dat al die bevolkingsgroepe verteenwoordig word. Die Raad behoort ook mense in te sluit wat die nodige vaardighede het om die werk van die BAO uit te voer.

Dit is belangrik dat die lede van die Bestuursraad verstaan dat, in hulle rol as raadslede, hulle verantwoordelikheid tot die BAO verbind is, eerder as tot hulle eie organisasies. Hulle moet in staat wees om besluite te neem sonder om eers met hulle organisasies te raadpleeg of toestemming te verkry.

DEELNAME AAN DIE KEURINGSPROSES VIR DIE BESTUURSRAAD

Stigting van 'n Raadgewende Komitee

Belanghebbendes kan nominasies tot die Raadgewende Komitee maak. In sommige gevalle moet Nie-regeringsorganisasies die spreekbuis word vir die informele belanghebbendes, omdat georganiseerde groepe dit soveel makliker vind om aanbevelings te maak as informele groepe.

Kommentaar op die aanbevelings van die Raadgewende Komitee

Diegene wat leiding neem in die proses om die Raadgewende Komitee te nomineer kan gevra word om hulle voorlopige aanbevelings aan die belanghebbendes voor te lê voordat dit na die Minister gestuur word. Dit laat tyd toe om verskille te bespreek, want dit word baie moeilik om aanbevelings te verander wanneer hulle eers gefinaliseer is.

Nominasie van posisies op die Bestuursraad

Belanghebbendes kan betrokke raak as hulle binne enige van die kategorieë waaruit die Bestuursraad saamgestel word val.

8. DIE VERSKILLENDEN MANIERE OM 'N BAO TOT STAND TE BRING

Deskundiges, DWAF, Nie-regeringsorganisasies en konsultante het verskillende maniere probeer om BAOs tot stand te bring. Hulle het gevind dat wat die beste werk is om deelname aan die oprigting van die BAO aan te moedig en terselfertyd mense se kapasiteit uit te bou om strukture soos OFs en WGVs te stig en te bestuur.

Die stigting van BAOs het die beste gewerk wanneer die mense wat die proses lei nuwe geleenthede identifiseer het, buigbaar gebly het en reageer het op die belanghebbendes se kommer. As watergebruikers voel dat die BAO net tot stand gebring word om 'n amptelike of wetlike vereiste te volvoer, sal hulle belangstelling verloor.


Ervaring dui daarop dat dit beter is om deelname in die stigting van 'n BAO te motiveer deur te begin met 'n dringende kwessie wat belangrik is vir die betrokkenes. Elke watergebruiker sal egter nie voel dat dieselfde aspek ewe belangrik is nie. Die leiers in die BAO stigtingsproses moet daarom ook aan addisionele maniere dink om die gebruikers wat nie met die spesifieke kwessie identifiseer nie te motiveer om deel te neem.

Hieronder word ses verskillende benaderings gelys wat al gebruik is om BAO voorstelle te genereer. Elkeen het sy eie besondere voor- en nadele.

A. BAO VOORSTELLE WAT BEGIN VANUIT BESTAANDE AKTIWITEITE OF GROEPE

(Voorbeelde: Breede-Overberg en Olifants- BAO voorstelle)

Die voordeel om die BAO met bestaande groepe (Bestuurskomitees, OFs en WGVs) te begin, is dat die betrokkenes reeds 'n begrip en belangstelling in die bestuur van waterhulpbronne het. Die nadeel is dat hierdie groepe mekaar reeds goed ken en ander belanghebbendes kan uitsluit omdat hulle nie van die ander weet nie. Daarom moet daar spesifiek moeite gedoen word om benadeelde belanghebbendes te betrek en hulle kapasiteit te ontwikkel.



Breede-Overberg BAO

Olifants BAO

B. BAO VOORSTELLE WAT SPESIFIEKE KWESSIES GEBRUIK OM BELANGHEBBENDES TE MOBILISEER

(Voorbeeld: *Inkomati BAO voorstel*)

Die voordeel van hierdie benadering is dat dit deelname sal bevorder omdat die vergaderings sal fokus op kwessies wat belangrik is vir die deelnemers. Die nadeel is dat goed georganiseerde en ingeligte groepe kan saamspan en die bespreking kan domineer.



Inkomati BAO

C. BAO VOORSTELLE WAT FOKUS OP DIE STIGTING VAN DIE BAO

(Voorbeelde: *Usutu-Mhlatauze en Thukela BAO voorstelle*)

Die voordeel van hierdie benadering is dat deelname fokus op die stigting van die BAO eerder as op kwessies. Die nadeel is dat die belanghebbendes betrokke raak by die BAO voordat hulle self hulle eie verteenwoordigende groepe gevorm het en dat hulle daarom belangstelling kan verloor.



Usutu to Mhlatauze BAO



Thukela BAO

D. BAO VOORSTELLE MET DIE BESTUURSPLAN VIR DIE BAO AS FOKUS

(Voorbeelde: *Bo-Oranje en Middle Vaal BAO voorstelle*)

Die voordeel om die Bestuursplan vir die Opvanggebied as die fokus te gebruik, is dat belanghebbendes op die vlak van die opvanggebied georganiseer en gemobiliseer sal word voordat die BAO gestig word. 'n Nadeel hieraan verbonde is dat die proses afhang van hoe goed die Beheer Komitees van die Opvanggebied georganiseer is voor die tyd. 'n Verdere swak punt is dat die proses om belanghebbendes te mobiliseer aangejaag kan word deur die dringendheid om met die Bestuursplan te begin en dan sal die deelname nie goed wees nie as gevolg van die haas.



Upper Orange-Middle Vaal BAO

E. BAO VOORSTELLE WAAR DIE BAO GESTIG IS OM WATERGEBRUIKERS TE REGISTREER

(Voorbeeld: Gouritz BAO voorstel)

Die voordeel van hierdie benadering is dat watergebruikers gretig is om deel te neem, want die lisensiëring is belangrik vir hulle daaglikse bestaan. 'n Nadeel is dat hulle belangstelling kan verloor in ander aspekte van die bestuur van waterhulpbronne wanneer hulle eers hulle lisensies tot watergebruik het. 'n Verdere nadeel is dat nie-geregistreerde watergebruikers dalk nie sal deelneem sonder 'n spesifieke poging om hulle te betrek nie.



Gouritz BAO

F. BAO VOORSTELLE WAT OFS DAARSTEL OM DEELNAME IN DIE BESTUUR VAN WATERHULPBRONNE TE INISIEER

(Voorbeeld: Olifants-Doring BAO)

Die voordeel van hierdie metode is dat dit 'n georganiseerde stelsel vir verteenwoordigende OFs daarstel wat dan kan help om die BAO te stig. Dit gee die BAO 'n goeie basis om mee te begin wanneer hulle ander waterkwessies aanpak en met die OFs wil saamwerk in die toekoms. Die nadeel van hierdie benadering is dat nie alle watergebruikers sal deelneem deur 'n OF nie. 'n Verdere nadeel is dat as al die OFs deur DWAF gestig word, mense kan voel dat die OFs nie werklik hulle eie organisasies is nie.



Olifants-Doring BOA



9. WAT ONS GELEER HET EN GEVOLGTREKKINGS

Soos ons gesien het, is daar vele maniere om 'n BAO tot stand te bring. Watter metode ookal gebruik word, dis meer waarskynlik dat mense sal deelneem as hulle 'n voordeel daaruit kan put of as daar 'n kwessie aangespreek word waarmee hulle kan identifiseer. Die uitdaging van deelname is dat die belanghebbendes in elke WBA ander gesindhede, behoeftes en vaardighede het.

Op nasionale vlak is DWAF se benadering om BAOs op te rig buigbaar en probeer om al die belanghebbendes in te sluit. Dit is 'n uitstekende benadering, maar dit kan nie werk tensy al die belanghebbendes die vermoë het om deel te neem aan alle aspekte van 'n waterbeleid nie.

Die Nasionale Waterwet stel deelname as vereiste, maar nie almal wil deelneem nie. Sommige mense kan die BAO sien as 'n staatsinstelling wat min te doen het met hulle behoeftes. Ander mense kan so gewoon wees om deur hulle organisasies voorgeskryf te word, dat hulle nie die self-vertroue het om met vrymoedigheid deel te neem nie.

Die outeurs van hierdie boek het 'n paar belangrike dinge geleer oor deelname terwyl hulle navorsing gedoen het vir hierdie boek:

- Probeer altyd om belanghebbende groepe wat alreeds gemobiliseer is binne die WBA te betrek, eerder as om van voor af te begin.
- Doen moeite om watergebruikers wat nie deur bestaande groepe verteenwoordig word nie in te sluit.
- Bied 'n duidelike doel of aansporing sodat mense wil deelneem. Dit is beter om te fokus op 'n aspek wat mense direk raak, eerder as om te fokus op die breë doel om die BAO te stig.
- Verstaan die politieke strominge en sosiale agtergrond van die betrokke gemeenskappe en pas die benadering aan om hierdie aspekte in ag te neem.
- Wees bedag daarop dat deelname beteken dat diegene wat die leiding neem in die stigtingsproses nie die heeltid in beheer kan wees nie.
- Dink voortdurend aan die oorkoepelende doelwitte vir die bestuur van waterhulpbronne en wat gedoen moet word om dit te bereik.

Dit kan onmoontlik en moeilik lyk om deelname te inisieer, maar dit word makliker soos wat mense uit ervaring leer en deelname aan watersake beter verstaan.

SEKSIE C:

DEELNAME AAN DIE STIGTING VAN BAOs

TWEE GEVALLESTUDIES

10. GEVALLESTUDIE EEN

DIE STIGTING VAN 'N BAO VIR DIE INKOMATI WBA

(deur 'n deskundige in Watersake, Derick du Toit van AWARD, 'n Nie-regeringsorganisasie in die Inkomati WBA)

'N NUWE VELD WORD BETREE

Om die Inkomati BAO tot stand te bring het meer as twee jaar geneem – van Maart 2002 tot Desember 2004. Dit was die eerste BAO in Suid-Afrika.

Die nasionale en streekskantore van DWAF het verskil oor hoe deelname in die Inkomati WBA benader moet word. Die personeel by DWAF se nasionale kantoor wou die nuwe beleid van deelname onmiddellik implementeer, terwyl die DWAF personeel by die streekskantoor gevoel het dat hulle nie gereed was vir so 'n stap nie. Hulle het gesê dat hulle slegs opgelei was om die tegniese aspekte van die voorsiening van waterdienste uit te voer, nie om sosiale aspekte soos die mobilisering van belanghebbendes te organiseer nie. Alhoewel DWAF se nasionale kantoor riglyne opgestel het vir die implementering van deelnemende bestuur van waterhulpbronne, het die personeel by die DWAF streekskantoor gevoel dat die riglyne nie spesifiek genoeg was om van enige hulp te wees nie. Nuwe aspekte moes vanuit die situasie geleer word.

OM TE ONTHOU: DWAF SE ROLLE OP NASIONALE EN STREEKSVLAK IN DIE INKOMATI

- DWAF moet op nasionale vlak die streekskantore van DWAF meer daadwerklik bystaan as om net riglyne te verskaf.
- Die nasionale DWAF kantoor moet DWAF op streeksvlak bystaan met die uitvoer van beleid.
- DWAF se kantore op nasionale- en streeksvlak moet dieselfde visie hê.
- Beter kommunikasiekanale is nodig. Om opgeleide personeel tussen DWAF se nasionale en streekskantore te rond skuif om vaardighede te deel kan moontlik 'n oplossing hiervoor bied.
- Albei partye moes erken het dat daar teenstand, kompetisie en wantroue tussen die kantore was. As hulle dit erken het, sou hulle iets omtrent die saak kon gedoen het.

Bekendstelling aan die Inkomati Stroomgebied

Die Inkomati Stroomgebied bestaan uit drie hoof opvanggebiede en twee kleiner opvanggebiede. Sommige voormalige ‘tuisland’ areas wat steeds gekenmerk word deur slegte lewensomstandighede en swak dienste val ook onder hierdie stroomgebied. Daar was al verskeie pogings om die areas te ontwikkel, maar daar moet nog baie gedoen word, veral ten opsigte van toegang tot water. Bestuur oor waterhulpbronne is nodig om die kwaliteit van water en watervoorsiening in stand te hou, want dit is nodig vir die ekonomiese aktiwiteite in die area.

In 1998, toe die Nasionale Waterwet uitgeroep is, het die Inkomati Stroomgebied nege Areas van Waterbeheer onder die Regering, 21 Besproeiingsstreke, een Waterraad en een Wateroutoriteit gehad. Alle Besproeiingsrade word nou herstruktureer as WGVs, terwyl die ou Waterhof vervang word met die Waterregbank.

DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE INKOMATI BAO

Stap 1: Aanvanklike raadpleging

Die afgevaardigde direkteur van Waterkwaliteit by DWAF se streekskantoor het begin om die Inkomati BAO tot stand te bring. Sy het die konsultasieproses in die middel '90s begin, lank voor die Nasionale Waterwet opgestel was. DWAF het 'n forum gestig om kwessies rondom waterkwaliteit in die Komati Opvanggebied aan te spreek. Hierdie forum het hoofsaaklik gefokus op die twee groot kommersiële sektors – die mynbedryf en boerderye.

In 1998, toe die Nasionale Waterwet as wet uitgevaardig is, het die streekskantoor van DWAF 'n werkgroep byeengebring om 'n voorstel vir die stigting van die BAO te ontwikkel. In die werkgroep het twee groot kwessies duidelik geword: eerstens was slegs sommige van die inwoners van die WBA verteenwoordig in die forum en tweedens was daar drie primêre opvanggebiede in die WBA, maar slegs een van hulle – die Komati Opvanggebied – was verteenwoordig op die forum.

Niemand het vantevore die deelnemende en raadplegende proses om 'n BAO voorstel te ontwikkel deurgevoer nie. Soos die afgevaardigde direkteur gesê het: “Ons het dikwels net nie geweet nie.” Die afgevaardigde direkteur het grotendeels op haar eie gewerk, want daar was niemand in die streekskantoor met ervaring in die transformasie van 'n organisasie nie. Onder haar leiding het DWAF se streekskantoor belanghebbendes van die drie primêre opvanggebiede uitgenooi na 'n vergadering om die BAO voorstel te bespreek. Tydens die vergadering het dit duidelik geword dat

daar verskeie belangrike dinge was wat eers gedoen moes word voordat die proses kon voortgaan. Byvoorbeeld, die belanghebbendes wou meer inligting hê om hulle in staat te stel om deel te neem.

DWAF se streekskantoor het verteenwoordigende komitees opgestel om insette vir die voorstel te lewer. Belanghebbendes is uitgenooi om aan te sluit by die drie bestuurskomitees wat vir elk van die drie opvanggebiede gestig is. Omtrent 50 mense het deelgeneem aan elke bestuurskomitee, so dit het in totaal bykans 150 mense betrek. Hoewel dit 'n groot getal mense is, het die afgevaardigde direkteur dit gesien as 'n geleentheid om mense se kapasiteit te ontwikkel en om leergeleenthede te verskaf, selfs al was die koste aan kos en vervoer vir die vergaderings baie hoog.

Hierdie groep van 150 het gereeld ontmoet, maar party mense het moeg geword, want dieselfde vrae moes elke keer beantwoord word wanneer nuwe deelnemers by die groep aangesluit het. Daarom het die DWAF streekskantoor besluit om:

- Voor en na elke vergadering ondersteunende werkswinkels te hou vir diegene wat addisionele inligting en agtergrond nodig het.
- Spesiale vergaderings te hou wat op tegniese temas fokus vir mense met tegniese vaardighede.
- Ekstra ondersteuning te bied vir spesifieke groepe, soos opkomende boere.

Om seker te maak dat daar goeie deelname en verteenwoordiging van die gemeenskap was, het die DWAF se streekskantoor ook Burgerlike Verenigings en Forums vir Gemeenskapsontwikkeling betrek.

OM TE ONTHOU

Die afgevaardigde direkteur van DWAF se streekskantoor het 'n langtermyn positiewe visie vir deelname gehad. Sy het die groot hoeveelheid deelnemers as 'n geleentheid gesien, eerder as 'n probleem. Die groot hoeveelheid belanghebbendes het haar aangespoor om te begin met die opbou van kapasiteit en om meer mense betrokke te kry by die bestuur van waterhulpbronne. Dit het die ekstra koste aan kos en vervoer die moeite werd gemaak.

Om dieselfde rede het die afgevaardigde direkteur besluit dat die moeite werd was om die ekstra koste aan te gaan om werkswinkels te organiseer, want dit het

gehelp om nuwelinge in te lig. Sy het ook gesien dat dit belangrik was om hierdie ekstra aktiwiteite buite die vergaderingtyd te hou, sodat mense wat reeds ingelig was nie belangstelling sou verloor nie.

Stap 2: Voorlê van die voorstel

Die drie Bestuurskomitees vir die opvanggebied het 12 maande geneem om heeltemal saam te stem (konsensus te bereik) oor die voorstel. Die eerste konsepdokument is toe na die nasionale kantoor van DWAF gestuur. Die nasionale DWAF kantoor het gereken dat die dokument te lank en te gedetailleerd was vir so 'n wye groep belanghebbendes en daarom is 'n korter en eenvoudiger dokument opgestel. Lang, tegniese dokumente is nie maklik om te lees nie, veral nie vir mense in plekke soos die Inkomati WBA waar net 60% van die bevolking geleterd is nie. Eintlik vind alle belanghebbendes, selfs dié met hoë kwalifikasies, dit moeilik om groot hoeveelhede tegniese inligting te absorbeer.

OM TE ONTHOU

Om te veel inligting te verskaf of mense te vra om lang dokumente te lees is 'n mors van tyd en hulpbronne. Dit is beter om die belangrike inligting op te som en dit in 'n werkwinkel aan te bied waar mense vrae kan stel.

Dit is 'n goeie idee om opvoedkundiges te vra om dokumente te verduidelik en taalversorgers te vra om dokumente duidelik en maklik te maak om te lees. Dit help die betrokkenes om belangstelling in die bestuur van waterhulpbronne te behou.

Die afgevaardigde direkteur by DWAF se streekskantoor is in 2003 na die nasionale kantoor oorgeplaas. Sederdien het haar posisie vakant gebly. Die oorblywende personeel het gevoel dat hulle nie genoegsaam opgelei is om die deelnemende prosesse tot stand te bring nie. Dit het beteken dat sommige kwessies nog nie aangespreek is nie. Om al die belanghebbendes sover te kry om deel te neem bly 'n groot uitdaging. Die Besproeiingsrade was aanvanklik traag om deel te neem, want die rol van 'n BAO was nie duidelik nie. Die Besproeiingsrade het ook gevoel dat hulle eenkant toe geskuif is, omdat hulle onder die apartheidera opgerig is. Hulle onvergenoegdheid het die deelname van die belanghebbendes verswak. Om openlike en deursigtige maniere van deelname daar te stel sal een van die hoof funksies van die nuwe Inkomati BAO wees.

OM TE ONTHOU: KOMMUNIKASIE

Die Inkomati BAO dui die belangrikheid van goeie kommunikasie aan:

- Kommunikasie tussen belanghebbendes is baie belangrik.
- Dit is belangrik om enige veranderinge wat plaasvind of wat beplan word te kommunikeer.
- Goeie kommunikasie van inligting aan almal wat betrokke is help die gladde verloop van deelnemende prosesse.
- Mense wat nie toegang het tot seker vorme van kommunikasie soos rekenaars en telefone nie, behoort nie uitgelaat te word nie.
- Alle kommunikasie behoort versigtig deurgedink te word: dit moet goed beplan wees in inhoud en tydsberekening, maklik wees om te verstaan en gerig wees op die mense wat dit nodig het.

Om verskeie redes is daar nie veel bereik teen 2003 nie. Die BAO voorstel is toe uiteindelik in Maart 2004 in die Staatskoerant uitgevaardig.

OM TE ONTHOU

Wanneer daar verdragings is, kan die periode tussenin konstruktief gebruik word, byvoorbeeld om kapasiteit uit te bou. Dit is belangrik om die belangstelling van alle betrokkenes te behou gedurende verdragings, anders kan hulle deelname kwyn tot niks.

Stap 3: Die Raadgewende Komitee en die proses om 'n voorstel aanvaar te kry

Die nasionale DWAF kantoor het vroeg in 2004 toestemming gegee vir 'n Raadgewende Komitee om aangestel te word. Die hoof taak van die komitee was om vir die Minister aanbevelings deur te gee om 'n Bestuursraad saam te roep. Die Raadgewende Komitee se voorstel is voorgelê aan 'n groot verskeidenheid mense tydens 'n raadplegende vergadering van belanghebbendes.

'n Daglange sessie om inligting te deel en kapasiteit te bou is die dag voor die raadplegende vergadering gehou, sodat elkeen goed genoeg ingelig kon wees om deel te neem aan die vergadering. Dit het egter geblyk dat 'n een-dag werkswinkel nie genoeg was nie, want nie al die deelnemers het die volgende dag geweet hoe om kommentaar te lewer op die voorstel nie. Selfs sommige van die mense wat betrokke was is die opstel van die konsepvoorstel was nie gereed om kommentaar te lewer nie.

OM TE ONTHOU

Inligting alleen is nie genoeg om seker te maak dat belanghebbendes deelneem nie. Mense het riglyne nodig om te verstaan wat dit beteken om 'n deelnemer te wees binne 'n spesifieke konteks. 'n Algemene vraag wat belanghebbendes vra is: "Hoe neem ons deel?"

Tydens die raadplegende vergadering het twee belangrike dinge gebeur. Die een was dat die voorsitter van een van die Besproeiingsrade aangekondig het dat hulle die Raadgewende Komitee se voorstel verwerp. Hy het gesê dat die komitee 'n vorige voorstel wat deur die Verwysingsgroep opgestel is geïgnoreer het en dat die Verwysingsgroep dus ondermyn is. Die Raadgewende Komitee het reageer deur te sê dat hulle wel met die Verwysingsgroep se voorstel begin het, maar dat die voorstel uitgedateer was. Die Minister het daarna 'n versoek ingesit vir 'n Raadgewende Komitee en verdere insette.

Die ander gebeurtenis was dat, toe dit voorgestel is om die vergadering in Engels te hou, een van die deelnemers opgestaan het en gesê het: "Nee, dit het te veel keer in die verlede gebeur! Vandag dring ons aan op vertaling!" Dit was 'n goeie voorbeeld van deelname – om te kan deelneem moet mense eintlik op hulle reg om die verrigtinge te verstaan aandring en daarom is hulle eis toegestaan.

OM TE ONTHOU

Die taal wat gebruik word tydens 'n vergadering kan mense verhoed om deel te neem. Taal word klaarblyklik verskillend gesien in landelike en stedelike kontekste. In landelike kontekste sien mense taalgelykheid (deur vertaling in die deelnemers se moedertaal) as 'n noodsaaklike komponent van deelname, terwyl die vermoë om Engels te praat in 'n meer stedelike of professionele konteks as 'n statussimbool gesien word.

Die Inkomati Raadgewende Komitee het alle kommentaar opgeteken en hulle voorstel aan die Minister oorgeskryf.



Stap 4: Aanstelling van 'n Bestuursraad

Die komitee het binne bepaalde beginsels gewerk in die aanstel van 'n Bestuursraad:

- Aangesien dit 'n belangrike doelstelling is om die ongelykhede van die verlede reg te stel, behoort die keuse van die Bestuursraad gebaseer te word op regverdigheid en standhoudendheid en die noodsaaklikheid om die verskillende bevolkingsgroepe en sosiale klasse te balanseer.
- Nominasies moet fokus op die funksies, rolle en verantwoordelikhede van die Bestuursraad van die BAO.
- Die lede van die bestuursraad wat spesifieke sektore verteenwoordig moet in die belang in die WBA as geheel optree, eerder as om slegs die belange van hulle eie sektor te verteenwoordig.
- 'n Balans moet gevind word tussen die grootte van die Raad (dit behoort nie te groot te wees nie) en verteenwoordiging (daar is baie verskillende belange en sektore).

Die Raadgewende Komitee het met drie groot uitdagings te doen gekry:

Verteenwoordiging: Hoe kan die Raad al die verskillende watergebruikers verteenwoordig en redelik klein bly?

Inklusiwiteit: Hoe behoort watergebruikers op die BAO se Bestuursraad verteenwoordig te word? Behoort verteenwoordiging slegs op huidige gebruikers te fokus, of behoort potensiele gebruikers ook in ag geneem te word? Hoeveel ruimte moet gelaat word vir nuwe en opkomende gebruikers van water? Hoe kan mense wat water ondoeltreffend of onregverdig gebruik verhoed word om te veel mag uit te oefen?

Funksionaliteit: Die Raadgewende Komitee het tot die volgende besluite ooreengekom:

- Die BAO moet funksioneer binne die internasionale verpligtings en ooreenkomste wat deur Suid-Afrika onderteken is. Ander lande of internasionale organisasies kan nie verteenwoordig word om die Bestuursraad nie. Die BAO kan egter verteenwoordig word op Suid-Afrikaanse afvaardigings na internasionale organisasies en met hulle saamwerk.
- DWAF sal nie op die Bestuursraad verteenwoordig word nie, maar sal as waarnemer optree en ondersteuning bied. DWAF moet beheer uitoefen oor die BAO, so dit sou tot opponerende belange lei as DWAF op die Bestuursraad van die BAO verteenwoordig word.

- Ander staatsdepartemente sal nie op die Bestuursraad verteenwoordig word nie, omdat hulle dienste aan die BAO verskaf, soos die bestuur van plaaslike hulpbronne, dienslewering en beplanning deur die provinsiale en plaaslike regerings.
- Die Inkomati WBA val gedeeltelik in Mpumalanga en gedeeltelik in Limpopo, so beide hierdie provinsiale regerings behoort op die Bestuursraad verteenwoordig te word.
- Die plaaslike regering behoort op die Bestuursraad verteenwoordig te word, omdat dit verantwoordelik is vir geïntegreerde beplanning en waterdienste.
- Alle belanghebbendes behoort die Bestuursraad te beskou as 'n regmatige liggaam wat hulle sienings verteenwoordig. Openbare vertroue in die Raad sal waarskynlik slegs ontwikkel as die verteenwoordigers tot die Raad demokraties verkies word en as regmatig gesien word.

Die Komitee het 14 verteenwoordigende kategorieë van posisies op die Bestuursraad van die BAO aanbeveel:

1. Kommersiële landbou
2. Bestaande landbougebruik deur histories benadeelde mense
3. Potensiële watergebruik vir landbou-doeleindes deur histories benadeelde mense
4. Vermindering van stroomvloei (bosbou)
5. Industrie, mynbou en die opwekking van elektrisiteit
6. Toerisme en ontspanning
7. Bewaring
8. Doeltreffende gebruik van water deur arm mense
9. Burgerlike gemeenskap – Beskerming van hulpbronne en standhoudende ontwikkeling
10. Plaaslike regering – Geïntegreerde beplanning
11. Plaaslike regering – Outoriteit op waterdienste
12. Tradisionele leiers
13. Mpumalanga Provinsiale regering
14. Limpopo Provinsiale regering

Behalwe vir hierdie 14 lede, is dit voorgestel dat die volgende drie waarnemers teenwoordig sal wees by die Bestuursraad se vergaderings vir die eerste jaar of twee:

- 'n Onafhanklike spesialis in die bestuur van waterhulpbronne
- 'n Verteenwoordiger van DWAF se streekskantoor
- Die bestuurshoof van die Inkomati BAO

OPSOMMING VAN DIE KWESSIES VAN SLEUTELBELANG VIR DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE INKOMATI BAO

- Aanvanklik was DWAF se streekskantoor onseker oor hoe om te begin om 'n BAO tot stand te bring.
- Om die ongelykhede van die verlede onder apartheid ongedaan te maak en reg te stel was 'n belangrike beginsel vir die Raadgewende Komitee. Hulle aanbevelings aan die Bestuursraad was gebaseer op gelykheid en onderhoubaarheid.
- Die Raadgewende Komitee het hulle sterk uitgespreek ten gunste van 'n beleid dat alle funksies en verantwoordelikhede van die BAO se Bestuursraad daarna moet streef om geïntegreerde bestuur van waterhulpbronne in die Inkomati WBA te a bereik, eerder as om na die spesifieke belange van Raadslede om te sien.
- Verteenwoordigers van verskillende sektors op die Bestuursraad behoort nie net hulle eie sektore te verteenwoordig nie. Hulle moet altyd die toestande en belange van alle belanghebbendes in ag neem.
- Die betrokkenheid van Nie-regeringsorganisasies en ander instansies het duidelik 'n groot verskil gemaak. In slegs een van die drie opvanggebiede was daar 'n Nie-regeringsorganisasie wat gewerk het daaraan om voormalig benadeelde groepe te mobiliseer en daar was baie groter deelname deur die belanghebbendes in hierdie opvanggebied as in die ander.
- Die betrokkeheid van voormalige benadeelde groepe is uitdagend, omdat die situasie nuut en onbekend is aan die deelnemers en die fasiliteerders in die bestuur van watersake.
- Hoe meer kulture, tale en sosiale klasse daar tussen die watergebruikers is, hoe groter is die uitdaging om die proses van deelname te laat slaag.
- Meeste van die gemeenskappe in die Inkomati was nie bekend met die vorms van demokrasie wat deur die Nasionale Waterwet vereis word nie. Hulle was nie gewoond daaraan om te onderhandel en deel te neem aan openbare forums en programme vir gemeenskapsontwikkeling nie.
- Nie net die voormalig benadeelde groepe nie, maar alle groepe het ondersteuning en inligting oor die bestuur van waterhulpbronne nodig.

- Belanghebbendes vind goeie administrasie en die byhou van rekords gebaseer op gegronde data belangrik.
- Sommige belanghebbendes was besorg oor die raadplegende prosesse. Sommiges het beweer dat belangrike groepe uitgelaat is van die raadplegende forums. Sommiges het gesê dat daar nie genoeg tyd was om te reageer op die uitnodigings en agendas nie en dat meer tyd nodig was vir ordentlike deelname.
- Daar is sekere koste verbonde aan deelnemende prosesse as armer mense betrokke is, soos die koste vir vervoer om vergaderings by te woon. Die armer inwoners in die opvanggebied was dikwels dié met die hoogste koste aan vervoer, wat beteken het dat minder van hulle die vergaderings bygewoon het.
- Deelname vra meer direkte en sigbare betrokkenheid van DWAF. DWAF is gevra om deel te neem aan gemeenskapsaktiwiteite en om belangegroepes te ontmoet.
- Verteenwoordiging volgens area was nog 'n probleem. Byna helfte van die bevolking in die WBA het in een opvanggebied gebly, maar slegs 'n paar van die watergebruikersgroepe in hierdie opvanggebied was verteenwoordig op die BAO se Bestuursraad.

Baie verskillende groepe mense bly in die Inkomati WBA. Daar is groot verskille in mag en welvaart en gevoelens van wantroue en suspisie tussen die verskillende groepe. Al hierdie faktore maak die deelnemende prosesse gekompliseerd.



11. GEVALLESTUDIE 2

DIE STIGTING VAN 'N BAO VIR DIE MVOTI-MZIMKULU WBA

(deur David Neves, voorheen 'n navorser in sosiale wetenskappe aan die Universiteit van KwaZulu-Natal, tans 'n navorser by die PLAAS Navorsingsprogram, Universiteit van die Wes-Kaap)

Geografiese en sosiale konteks

Die Mvoti-Mzimkulu BAO sal waarskynlik die tweede bestuursagentskap wees om tot stand gebring te word in Suid-Afrika. Die Mvoti-Mzimkulu WBA is een van drie WBAs in KwaZulu-Natal. Dit bestaan uit 10 kleiner (tersiêre) opvanggebiede waarin daar twee groot riviere, twee medium-grootte riviere en verskeie klein kusriviere is.

Baie mense leef in die WBA, ryk en arm mense, en hulle is met baie verskillende landbou en ander ekonomiese aktiwiteite betrokke by watersake. Een van die sub-opvanggebiede sluit die stede Durban en Pietermaritzburg in. Dit beteken dat twee derdes van die WBA se bevolking in stedelike areas bly. Daar is ook baie mense in die WBA wat baie arm is.

Die twee medium-grootte riviere is verander deur menslike aktiwiteite en damme is in meeste van die riviere gebou. Twee van die kleiner riviere is reeds beskadig deur menslike aktiwiteite. Die kwaliteit van die water is swak in sommige dele van die opvanggebied. Die kwaliteit en hoeveelheid water beskikbaar in die opvanggebied word geaffekteer deur die oormatige gebruik van die waterhulpbron.

Die proses om die BAO tot stand te bring

Die proses om die BAO tot stand te bring het in 2000 begin. Dit was hoofsaaklik deur konsultante aangevoer. Een van die konsultante het die taak gekry om 'n Werkgroep vir die Ontwikkeling van 'n Voorstel (WGOV) te stig wat die BAO voorstel moes ontwikkel om na die Minister te stuur. Die konsultant het die belanghebbendes identifiseer en 'n rekord gehou van alle ontmoetings met die belanghebbendes.

Die eerste stap was om al die mense wat geraak sou word deur die toekomstige BAO in te lig en te betrek. Openbare vergaderings is gehou in drie verskillende dorpe in die WBA. Belanghebbendes het tydens hierdie vergaderings saamgestem dat hulle 'n BAO voorstel wou ontwikkel en 'n evaluasie gemaak van wat hiervoor benodig sou word. Ongelukkig was die bywoning van landelike gebiede laag tydens hierdie vergaderings. Dit was 'n probleem wat nooit opgelos is tydens die proses om die BAO te ontwikkel nie.

DWAF amptenare het terselftertyd hard gewerk om OFs in die WBA op te stel. Die bedoeling was dat die OFs sou deelneem aan die BAO proses. Baie van hulle het egter onaktief geword nadat hulle opgerig is.

OM TE ONTHOU

Alhoewel baie geld en werk gerig was op die totstandkoming van OFs, het baie van hulle in onbruik verval. Sommige van die redes hiervoor is:

- Te min aansporing – die OFs kan nie sien watter voordele die BAO vir hulle inhou nie.
- Lede van die OFs het nie altyd die geld vir vervoer om na die vergaderings te gaan nie.
- OFs word soms opgerig om 'n spesifieke kwessie aan te spreek en wanneer dit opgelos is, kan die forum ophou funksioneer.
- Omdat OFs informele liggame is, kan hulle voel dat hulle saak nie gehoor sal word nie – dat meer aandag aan die formele (wetlik saamgestelde) liggame geskenk word. Dit kan veroorsaak dat lede moed verloor.
- Die deskundiges in waterbestuur wat die projek lei kan te vroeg onttrek. Om 'n OF te ondersteun tot op die punt waar dit op sy eie kan funksioneer neem ten minste ses maande. Die oplossing hiervoor is om langtermyn verhoudings met deskundiges en konsultante daar te stel of dat die personeel van die DWAF streekskantoor meer betrokke moet raak in deelname oor die lang termyn.

Daar is 'n paar vereistes vir 'n OF om lewensvatbaar te kan wees:

- Betrokkenheid van deskundiges/konsultante oor die lang termyn
- 'n Sterk fokus op kapasiteitsbou
- Dat lede 'n visie deel
- 'n Sterk identiteit binne die opvanggebied
- Betroubare fondse
- Duidelikheid oor die OF se funksies en verantwoordelikhede aangaande die bestuur van waterhulpbronne



Die volgende stap was om 'n groter openbare vergadering te hou om die WGOV te verkies sodat die BAO voorstel opgestel kon word. Die struktuur van 'n werkgroep is gekies oor die WGOV kleiner sou wees as 'n groep wat al die belanghebbendes sou betrek, maar steeds meer verteenwoordigend sou wees as 'n groep wat slegs uit spesialiste sou bestaan. Die WGOV het uit 24 mense bestaan. Meeste van hulle was betrokke by van die groot organisasies wat met waterhulpbronne werk wat reeds in die WBA bestaan het. Slegs twee lede het gekom van Nie-regeringsorganisasies of gemeenskaps-gebaseerde organisasies.

Daar is ooreengekom dat verteenwoordigers kundiges moes wees oor hulle onderskeie sektore, dat hulle Engels moes kon lees en dat hulle toegang moes hê tot 'n telefoon en/of 'n faksmasjien, sodat hulle maklik gekontak kon word. Hierdie voorwaardes het veroorsaak dat sommige belanghebbendes uitgesluit is van die proses om die BAO voorstel te ontwikkel.

Die groep het 11 keer ontmoet tussen middel 2001 en laat 2002. Hulle het gesukkel met swak bywoning. Hulle het op die ou end DWAF se nasionale kantoor gevra om hulle te help om te besluit wanneer daar genoegsaam openbare deelname was, maar DWAF het blykbaar nie 'n manier ontwikkel om dit vas te stel nie. Die WGOV het toe besluit om 'n 'nie-uitsluitende' benadering te volg – wat beteken het dat enigiemand wat wou, kon deelneem aan die proses. Daar is geen spesiale poging ingesit om seker te maak dat alle belanghebbendes geïdentifiseer en ingesluit is nie. Sommige verteenwoordigers het later gekla dat die Werkgroep hoofsaaklik deur konsultante aangevoer is en dat belanghebbendes meer insette moes kon lewer.

Ten spyte van hierdie probleme en vertwyfelings, het die voorstel vir die BAO begin vorm aanneem. Die finale voorstel is in middel 2002 aan belanghebbendes voorgelê tydens twee vergaderings. Tydens een van hierdie vergaderings was daar niemand van die algemene publiek teenwoordig nie. Een van die DWAF amptenare het hierdie tekort aan openbare deelname gesien as 'n aanduiding dat niemand besware gehad het teen die proses om 'n BAO voorstel op te trek nie. Dit is waarskynlik meer realisties om dit te sien as die gevolg van 'n onvermoë om kapasiteit uit te bou tydens die proses.

Die finale weergawe van die voorstel het aanbeveel dat die Bestuursraad van die BAO uit die volgende mense moes bestaan:

1. 'n Lid van die provinsiale regering (verkieslik van die Premier se kantoor).
2. Verteenwoordigers van die ses distrikte se munisipaliteite.
3. 'n Verteenwoordiger van Ethekwini Munisipaliteit.
4. Verskeie verteenwoordigers van sektore van watergebruikers en belanghebbende groepe.

5. Verskeie kundiges (op die gebied van finansies, wetlike aspekte, die omgewing en waterkwaliteit).
6. 'n Verteenwoordiger van die nie-regeringsorganisasies in die gebied.
7. 'n Verteenwoordiger van DWAF se streekskantoor.

Daar is besluit dat daar tussen nege en 15 persone op die Bestuursraad moes dien. Dit sou beteken dat sommige deelnemers meer as een sektor of belangegroep moes verteenwoordig. Dit is aangeteken dat die lede vir die Bestuursraad gekies moes word volgens die beginsels van regverdigheid en verteenwoordigheid.

Die voorstel is in Mei 2004 na DWAF se nasionale kantoor gestuur, maar dit is afgekeur. Die rede hiervoor was die groot begroting. Die WGOV het reageer deur uit te wys dat die vereistes wat aan BAOs gestel word onduidelik is. Byvoorbeeld, die Werkgroep het bereken dat die BAO met 'n personeel van 35 kon funksioneer, terwyl sommige DWAF amptenare 'n personeeltal van 200 voorgestel het. Uiteindelik is daar 80 voorgestel. Dit dui aan hoeveel verskillende mense se visie vir 'n BAO kan verskil, selfs tussen mense wat almal nou betrokke is in die proses.

Die voorstel is hersien en deur DWAF se nasionale kantoor aanvaar. Die Mvoti-Mzimkulu BAO is laat in 2004 in die Staatskoerant uitgeroep. Weergawes hiervan is in Engels en isiZulu na biblioteke, streeksmunisipaliteite en die kantore van tradisionele outoriteite gestuur. Daar is egter minder as 10 geskrewe insette as kommentaar daarop ontvang en meeste hiervan het van die groter belanghebbende organisasies gekom. Die WGOV het gesê dat hierdie opmerkings oor die algemeen positief was.

Teen Desember 2004 het die WGOV ses nominasies tot die Raadgewende Komitee gemaak en die Minister sou dan twee of drie mense uit hierdie ses nominasies aanstel. Ander lede van die Raadgewende Komitee sou deur ander staatsinstansies verkies word. DWAF se nasionale kantoor sal waarnemers op die Raadgewende Komitee hê om na beleidsake om te sien.



DEELNAME AAN DIE BAO PROSES

Baie van die belanghebbendes het saamgestem dat openbare deelname aan die BAO proses swak was. Sommiges het dit selfs 'n mislukking genoem. Die WGOV het die lae verteenwoordiging van die arm landelike gemeenskappe genoem, maar bygevoeg dat die deelname van plaaslike regerings en tradisionele outoriteite ook swak was.

Die Werkgroep het gereken dat die rede vir die lae vlak van deelname te doen gehad het met die tekort aan tyd, kapasiteit en hulpbronne. Die Werkgroep het genoem dat die goeie bywoning van die eerste vergaderings nie voortgesit is nie, omdat leiers in die gemeenskappe ander verpligtinge gehad het en omdat die proses om die BAO tot stand te bring te stadig gevorder het om mense se belangstelling te behou.

Die voorstel lys 'n verskeidenheid risikos wat die BAO aangaan as gevolg van swak deelname:

- Die stigtingsproses kan geloofbaarheid verloor.
- Daar kan 'n persepsie ontstaan dat daar nie 'waarde toegevoeg' word nie.
- Daar kan 'n persepsie wees dat die BAO 'n manier is vir DWAF om meer mag te verkry.
- Die betaling van heffings deur plaaslike regerings kan 'n geskilpunt word.
- Samewerkende bestuur kan misluk.
- Daar kan 'n persepsie wees dat die BAO te ver verwyderd sal wees van die belanghebbendes.

OM TE ONTHOU

Die geloofbaarheid van die Mvoti-Mzimkulu BAO sal waarkynlik ly onder die swak deelname in die proses om die voorstel op te trek. Daar is egter steeds geleenthede vir die Raadgewende Komitee om die belanghebbendes te betrek tydens die volgende stap, naamlik die proses om die Bestuursraad aan te stel. Om al die belanghebbendes in te lig en te nader vir nominasies kan opsigself 'n geleentheid wees om te leer en deel te neem.



FAKTORE WAT DEELNAME BEPERK

Bereiking van die burgerlike samelewing

Die BAO het skaars enige OFs betrek in die stigtingsproses. Dit was hoofsaaklik omdat die OFs nie sterk gevestig was in die Mvoti-Mzimkulu BAO nie, maar ook omdat die WGOV nie genoeg moeite gedoen het om die bestaande OFs te kontak nie.

Gemeenskaps- en omgewingsprojekte wat met die bestuur van waterhulpbronne gemoeid is, was nie behoorlik betrek nie. Een van die ervare deskundiges in watersake het die probleme as volg identifiseer: Daar was geen voorbereidingswerk in die betrokke gemeenskappe gedoen nie; daar was probleme met personeelveranderinge by DWAF; en daar was geen fondse beskikbaar vir openbare deelname nie (soos vervoerkoste). Die BAO proses was gebaseer op die idee dat mense sou werk sonder vergoeding (vrywillige werk), maar soos een deskundige dit gestel het, 'om vrywillig te werk kom net so ver, as mens moet eet'. Hy het ook gereken dat die feit dat daar slegs drie geskrewe dokumente van kommentaar van die publiek was, aangedui het dat die publiek nie ingelig was nie en dat die belanghebbendes nie gevoel het dat die proses regtig aan hulle behoort nie.

OM TE ONTHOU

Die las van vrywillige werk (sonder geldelike vergoeding) is die swaarste vir arm mense van wie verwag word om na vergaderings en werksinkels te kom. Selfs al het mense nie werk nie, het hulle dikwels nie baie vrye tyd tot hulle beskikking nie – veral nie vrouens nie. Arm mense sukkel ook om vir vervoer na die vergaderings te betaal.

Hoe die werkgroep openbare deelname gesien het

Verskeie lede van die WGOV het geglo dat hulle eers die BAO tot stand kon bring en daarna deelname opbou. Ander WBAs dink dat dit andersom moet gebeur – dat daar eers sterk OFs moet wees, wat dan aangemoedig word om aan die BAO proses deel te neem.

Institusionele beperkings binne die DWAF streekskantoor

DWAF se streekskantoor in KwaZul-Natal het nie genoeg personeel nie en sommige van die ervare personeel het die organisasie verlaat, terwyl andere nuut is. Wanneer die implementasie van 'n BAO begin, behoort daar genoeg ervare personeellede in DWAF se streekskantoor te wees wat die proses kan begelei. 'n Personeellid van DWAF se streekskantoor het gesê dat hy vasgevang gevoel het tussen sy besige dag-tot-dag werkskiedule en

die langsame proses om 'n BAO tot stand te bring, wat verskeie periodes van wag op verwickelinge insluit. Sommige van hierdie verdragings het plaasgevind omdat die beleid nie duidelik was nie. Die lang wagperiodes tussen elke fase van die BAO voorstel kan 'n rede wees hoekom deelname verswak het.

Beperkings van die plaaslike regering

Die WGOV het die lae vlak van betrokkenheid deur die plaaslike regering as 'n verdere swak punt gelys. Die rede hiervoor was die beperkte kapasiteit van die nuut-gevormde distriksmunisipaliteite. Munisipale amptenare en raadgewers het die redes hiervoor as volg beskryf:

- Amptenare word moeg vir die moeite wat deelname verg.
- Tekort aan tyd en hulpbronne, veral telefone en vervoer.
- Te min belangstelling.
- Hulle verstaan nie wat die bestuur van waterhulpbronne regtig beteken nie.
- Hulle ag waterbelange wat dienslewering en sanitasie betrek as meer belangrik as die bestuur van waterhulpbronne op 'n breë vlak.

Een van die plaaslike regeringsamptenare het gereken dat deelname sou verbeter wanneer die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en die BAO proses saam begin werk, want die ontwikkelingsplan sluit waterdiense en ontwikkelingsplanne vir water in.



Knelpunte tussen outoriteite gemoeid met waterdienste

Daar was alreeds verskeie goed gevestigde, ervare en invloedryke instansies vir waterbeheer in die Mvoti-Mzimkulu WBA. Hierdie instansies het heelwat van die ontwikkeling van die BAO fasiliteer. In die verlede het hulle konsensus bereik oor baie sake, maar hulle het nie verstaan hoe hulle sou inpas in die funksies van nuwe instansies, soos die OFs, WGVs en BAOs nie. Daar was spanning tussen die gevestigde outoriteite op waterbestuur en die streekskantoor van DWAF. Verskeie lede van die WGOV het vermoed dat DWAF probeer het om meer mag te verkry deur die BAO proses, eerder as om te fokus op die vordering van die proses.

Daar was ook spanning in die verhoudings tussen outoriteite op waterdienste. Sommige van hierdie areas van konflik het na vore gekom tydens die proses om die BAO op te rig. Dit was duidelik dat sommige van die bestuursfunksies vir waterhulpbronne wat vantevore deur die outoriteite op waterdienste uitgevoer is, deur die BAO oorgeneem sou word. Dit verduidelik waarom soveel van die stigtingsproses van die BAO gedomineer is deur groot, institusionele belanghebbendes (baie van hulle outoriteite op waterdienste) in pleks van om te fokus op plaaslike regeeringsorganisasies en gemeenskapsbetrokkenheid op grondvlak.

Knelpunte met tradisionele outoriteite

Tradisionele outoriteite was nie behoorlik geraadpleeg en ingesluit in die totstandkoming van die BAO nie. In 'n WBA soos die Mvoti-Mzimkulu, voer die tradisionele outoriteite egter baie van die funksies uit, soos die toekenning, bestuur en bemiddeling van geskille rondom natuurlike hulpbronne. Daarom moes daar 'n manier gevind word om hulle te betrek by die BAO.

Knelpunte met ander organisasies

As die desentralisasie van die bestuur van waterhulpbronne nie goed uitgevoer word nie, kan groot besighede en kommersiële boere die proses uitbuit om meer mag te bekom. Die belange van die besighede in bosbou en georganiseerde besproeiingsplase het die proses wat deur die WGOV uitgevoer is oorheers.

'n Verdere kwessie raak gespesialiseerde tegniese kennis. Een van die uitdagings van die desentralisering van die bestuur van waterhulpbronne is dat sekere belanghebbendes die 'mag van kennis' kan bekom wanneer daar gespesialiseerde kennis van buite die opvanggebied betrek word, byvoorbeeld in hidrologie. Sommige mense dink dat sulke 'oorkoop' van kennis plaaslike vaardighede en kapasiteit benadeel.

OM TE ONTHOU: PERSONEEL SE KAPASITEIT

'n Verlies aan kapasiteit binne 'n WBA bied 'n uitdaging aan alle betrokkenes. DWAF se kapasiteit was benadeel deur personeelveranderinge in die streek en dit het vertraging en ander probleme veroorsaak. Om die tyd en kennis van konsultante buite die WBA te koop kan beteken dat die kennis nie binne die WBA ontwikkel word nie. Dit kan beter wees om konsultante wat binne die WBA bly te gebruik, selfs al beteken dit dat hulle kapasiteit uitgebou moet word vir die taak.



12. GEVOLGTREKKINGS VAN DIE TWEE GEVALLESTUDIES

Die belangrikheid van konteks

Die verskillende stories van die Inkomati en die Mvoti-Mzimkulu WBAs wys dat dit moontlik is om wyd verskillende benaderings tot deelname te hê. In beide gevalle was dit moeilik om arm gemeenskappe te betrek, maar die Inkomati WBA het baie meer positief op hierdie uitdaging reageer. Beide gevallestudies wys dat dit nodig is om die konteks van 'n WBA goed te verstaan vir deelname om sinvol plaas te vind.

Spanning tussen DWAF se nasionale en streekskantore

Personeel by DWAF se nasionale kantoor was meer entoesiasies en vol vertroue oor die nuwe beleid en wetgewing as die personeel by die streekskantore. In Inkomati en Mvoti-Mzimkulu WBA het die DWAF amptenare op streeksvlak gevoel dat hulle nie genoeg ondersteuning van die nasionale kantoor gekry het nie, veral nie in die organisering van die deelnemende sosiale prosesse nie.

DWAF se nasionale kantoor behoort te erken dat die streeksamptenare wel oor waardevolle kennis oor die plaaslike konteks beskik. Die amptenare op streeksvlak kan aandui hoe die beleid aangepas en toegepas kan word op maniere wat prakties en relevant is in die plaaslike situasie.

Institusionele ontwikkeling

OFs en WGVs vorm die basis vir deelname. Dit is maklik om 'n OF of WGV te stig, maar dit is moeilik om dit in stand te hou. Dit kan nodig wees om hierdie instansies meer formele erkenning te gee sodat hulle beter kan funksioneer in die bestuursstelsel wat vir waterhulpbronne gebruik word.

Uitbou van kapasiteit

Dit is nodig om voortdurend kapasiteit uit te bou. Geskrewe dokumente raak uitgedateer en nuwe materiaal moet ontwikkel word. Kapasiteitsbou beteken dat die leerproses nooit ophou nie.

Koste van deelname

As deskundiges gemotiveerd en toegewyd is, kan deelname plaasvind sonder dat groot hoeveelhede geld spandeer word. 'n Groot begroting kan nie ware motivering en toewyding deur die leiers van die BAO proses vervang nie.

Hierdie is Deel 2 in 'n boek oor deelname in die bestuur van waterhulpbronne. Dit gaan oor 'n manier om deelname in die bestuur van waterhulpbronne te organiseer deur dit te verbind aan verskillende take in die siklus van waterbestuur. Dit stel ook 'n manier voor om deelname te monitor en te evalueer.

Laat ons begin deur onself te herinner aan die doelstellings van die bestuur van waterhulpbronne en die vereistes vir deelname:

Sewe doelstellings in die bestuur van waterhulpbronne

- Genoeg water vir basiese menslike behoeftes.
- Genoeg water vir die Ekologiese Reserwe.
- Gelyke toegang tot water vir almal.
- Dat water nie vermors word nie, maar doeltreffend gebruik word.
- Genoeg water vir toekomstige behoeftes, 'n gesonde ekonomie en 'n welvarende samelewing.
- Gebruikers behoort vir hulle eie watergebruik te betaal op 'n regverdigde manier.
- Om ons verpligtinge teenoor ons buurlande na te kom.

Wat het belanghebbendes nodig om doeltreffend aan die bestuur van waterhulpbronne deel te neem?

- Hulle moet die nodige kennis tot hulle beskikking hê om ingeligde besluite te kan neem.
- Hulle moet toegang hê tot inligting, die inligting kan verstaan en in staat wees om dokumente voor te berei.
- Hulle moet duidelike rolle en verantwoordelikhede hê.
- Hulle moet van plan kan verander as dit nodig sou wees.
- Magskwessies moet duidelik gemaak word en toepaslik hanteer word.
- Die waardes en beginsels van die bestuur van waterhulpbronne en van die belanghebbendes moet duidelik wees.



DEEL 2:
DEELNAME AAN DIE BESTUUR VAN WATERHULPBRONNE
'n TAAK-GEORIËNTEERDE BENADERING

1. OM DIE WATERHULPBRON TE BESTUUR



Daar is twee soorte bestuur in die watersektor – die bestuur van *dienslewering* en die bestuur van die *waterhulpbron*. In hierdie boek is ons gemoeid met die bestuur van die waterhulpbron. Dit word oor die algemeen na verwys as die bestuur van waterhulpbronne.

Gebruikers van water het dikwels verskillende idees oor die bestuur van waterhulpbronne en verskillende maniere om dinge aan te pak. Hierdie verskille kan so ernstig word, dat dit ontwikkeling kan verhinder. As dit gebeur, moet belanghebbendes soms onderhandel om 'n ooreenkoms te kan bereik. Hulle onderhandelings behoort gerig te word deur die Nasionale Waterwet, wat sê dat die bestuur van waterhulpbronne in 'n regverdige, doeltreffende manier gedoen moet word op 'n manier wat standhoudendheid verseker.

2. WAT IS DIE 'REGTE HOEVEELHEID' DEELNAME?

Mens kan nie van gewone belanghebbendes in 'n opvanggebied verwag om betrokke te raak in komplekse besluite oor die bestuur van waterhulpbronne reg van die begin af nie. Om mense in die bestuur van waterhulpbronne te betrek sonder om hulle voor te berei sal hulle verskrik en ontmoedig, eerder as aanmoedig om deel te neem.

Die Internasionale Vereniging vir Openbare Deelname het vyf fases of vlakke van deelname identifiseer, wat hulle die 'spektrum van openbare deelname' noem. Die fases word hieronder gelys. Dit begin by 'n situasie waar mense net ingelig word en dan hulle deelname verhoog totdat hulle beluie op hulle eie neem.

Die 'regte hoeveelheid' deelname hang af van:

- Die taak wat uitgevoer moet word.
- Hoe sterk die deelnemende strukture is en hoe ver hulle ontwikkel het.
- Die kapasiteit van die belanghebbendes.
- Hoeveel tyd die belanghebbendes aan deelname moet spandeer teenoor hoeveel tyd hulle tot hulle beskikking het.
- Die beskikbare finansiële hulpbronne.
- Hoeveel tyd nodig is vir die gekose taak of take.

Fase 1: Om in te lig

Doel vir openbare deelname: Om die gemeenskap goeie kwaliteit inligting te gee, sodat hulle die probleem en verskillende geleenthede en oplossings kan verstaan.

Belofte aan die gemeenskap: **Ons sal julle ingelig hou.**

Voorbeelde van tegnieke: Pamflette of dokumente met feite, webwerwe, openbare vergaderings.

Fase 2: Om te raadpleeg

Doel vir openbare deelname: Om 'n reaksie van die gemeenskap te kry oor die voorgestelde oplossings en besluite.

Belofte aan die gemeenskap: *Ons sal julle ingelig hou, na julle sorge en wense luister en julle laat weet hoe julle inset ons besluit beïnvloed het.*

Voorbeelde van tegnieke: Openbare kommentaar, fokusgroepe, meningspeilings, openbare vergaderings.

Fase 3: Om te betrek

Doel vir openbare deelname: Om direk met die gemeenskap te werk

gedurende die hele proses en om seker te maak dat belanghebbendes se sake gehoor en verstaan word.

Belofte aan die gemeenskap: *Ons sal saam met julle werk om seker te maak dat julle sake en wense gebruik word in die verskillende oplossings wat ons ontwikkel het en ons sal julle laat weet presies hoe julle inset die besluite beïnvloed het.*

Voorbeelde van tegnieke: werksinkels, ondersoek na mense se idees (meningspeilings).

Fase 4: Om saam te werk (In Suid-Afrika is dit meestal die doel van instansies wat waterhulpbronne bestuur)

Doel vir openbare deelname: Om met die gemeenskap saam te werk in alle aspekte van besluitneming, insluitend die ontwikkeling van verskillende oplossings en die keuse van die beste oplossing.

Belofte aan die gemeenskap: *Ons sal julle direk vra vir raad en insette wanneer ons aan oplossings werk en ons sal julle aanbevelings soveel moontlik gebruik.*

Voorbeelde van tegnieke: Komitees van belanghebbendes, forums, kapasiteitsbou, deelnemende besluitneming.

Fase 5: Om te bemagtig

Doel vir openbare deelname: Die gemeenskap is in staat kom op hulle eie besluite te neem.

Belofte aan die gemeenskap: *Ons sal doen wat julle besluit.*

Voorbeelde van tegnieke: Stembriewe en verkiesings.



3. DIE SIKLUS VIR DIE BESTUUR VAN WATERHULPBRONNE

Die siklus vir bestuur van waterhulpbronne dui die verskillende stappe in die bestuur van watersake in Suid-Afrika aan. Die siklus sal gewoonlik vyf jaar neem om te voltooi. Let op dat 'deelname' sentraal geplaas is.

Die siklus begin gewoonlik bo links in die diagram, wanneer 'n Bestuursagentskap vir die Opvanggebied (BAO) 'n visie vir die hulpbron ontwikkel wat al die belanghebbendes insluit.


Dit word gevolg deur drie stappe, wat die Hulpbron-gerigte Maatreëls genoem word. Die Nasionale Waterwet het die Hulpbron-gerigte Maatreëls ingestel om seker te maak dat die toekenning van water sal gebeur op 'n manier wat sosiaal regverdig, standhoudend en goed vir die omgewing is.

Die BAO werk dan uit hoeveel water beskikbaar is om toegeken te word. Wanneer dit gedoen is, kan die BAO 'n plan uitwerk om water toe te ken wat die behoeftes van die Reserwe in ag neem. (Die Reserwe bestaan uit die Basiese Menslike Behoeftes Reserwe en die Ekologiese Reserwe, wat die minimum hoeveelheid water is wat die waterhulpbron nodig het om in 'n gesonde toestand te bly.) Die plan vir watertoekenning moet ook die visie wat in die eerste stap van die siklus geneem is, in ag neem.

Die volgende stap is om 'n breë plan op te trek wat die Bestuurstrategie vir die Opvanggebied genoem word. Dit bestaan uit die visie vir die hulpbron en die plan om dit toe te ken. Wanneer dit gedoen is, kan die BAO begin om lisensies aan watergebruikers uit te reik.

In die volgende fase word watergebruikers gemonitor om te sien of hulle water gebruik soos ooreengekom is en die algemene toestand en gebruik van die hulpbron word gemonitor volgens die Bestuurstrategie vir die Opvanggebied.

Ten laaste word die siklus bespreek en geanaliseer en met inagnome van alles wat geleer is tydens die proses, word 'n nuwe visie gesamentlik geformuleer.



Die siklus vir die bestuur van waterhulpbronne



DEELNAME NODIG VIR ELKE TAAK IN DIE SIKLUS VIR DIE BESTUUR VAN WATERHULPBRONNE

Die siklus vir die bestuur van waterhulpbronne hoef nie noodwendig die presiese volgorde van die stappe in die diagram te volg nie. In verskillende opvanggebiede of kontekste kan die volgorde van take verander. Soms kan twee take terselfertyd uitgevoer word.

Laat ons nou kyk na die hoeveelheid deelname wat nodig is vir elke taak in die siklus. Die graad van deelname wat nodig is vir elke taak word aangedui as 'HD' of 'LD'.

HD (hoë deelname) beteken dat baie of al die belanghebbendes betrek word, breë verteenwoordiging verkry word en die vlak van deelname is samewerkend of bemagtigend.

LD (lae deelname) beteken dat sommige van die belanghebbendes betrek word, verteenwoordiging beperk word en die vlak van deelname wat verkry word het ten doel om in te lig, raadpleging te doen of belanghebbendes te betrek.

1. *Visie vir die hulpbron* HD

Bestuurders van watersake en belanghebbendes ontwikkel 'n gesamentlike visie van hoe hulle water in hulle omgewing wil bestuur. Dit kan verdeel word in doelstellings oor die kort- medium en lang termyn.

2. *Spesifiseer 'n klas van waterbestuur vir die hulpbron* HD

Tydens hierdie stap onderhandel die belanghebbendes saam oor die aard van toekomstige aktiwiteite in hulle opvanggebied deur 'n 'klas van waterbestuur' vir die hulpbron te kies. Die keuse van 'n klas van bestuur sal die grense stel van wat deur die BAO bestuurders en watergebruikers gedoen kan word en wat nie. ('n Duidelike uiteensetting van klasse van bestuur kan gevind word in die pamflet *Some, for all, forever*, deur Tally Palmer en andere, beskikbaar by die Waternavorsingskommissie.) Dit is baie belangrik dat alle belanghebbendes ten volle deelneem aan hierdie fase, want wanneer die klas van bestuur eers gekies is, word ooreengekom op die kwantiteit en kwaliteit van die water in verskillende seksies van die opvanggebied en dit kan nie maklik weer verander word nie.

3. *Spesifiseer die reserwe* LD

Tydens hierdie stap werk waterbestuurders wetenskaplik uit hoeveel water toegeken moet word om die Reserwes wat deur die Nasionale Waterwet neergelê is te bereik (die Basiese Menslike Behoefte Reserwe + die Ekologiese Reserwe). Hierdie taak vereis nie baie deelname nie, want die werk word

gedoen deur spesialiste en tegniese spanne. Belanghebbendes moet ingelig word oor die proses, sodat hulle kan verstaan hoe die spesifisering van die Reserwe die toekenning van hulle water sal beïnvloed.

4. Spesifiseer Doelstellings vir die Kwaliteit van die Hulpbron LD

Spanne van spesialiste stel doelstellings vir die kwaliteit van die hulpbron as geheel, nie net vir die Ekologiese Reserwe nie. Deelname van die belanghebbendes is raadplegend van aard

5. Bepaal die toekenbare hulpbronne LD

Bestuurders van watersake en spanne van spesialiste werk dan uit hoeveel water daar beskikbaar is vir die opvanggebied. Dit is 'n wetenskaplike ondersoek wat nie deelname deur die belanghebbendes vereis nie. Belanghebbendes moet egter weet hoeveel water beskikbaar is, sodat elke sektor van watergebruikers 'n realistiese aansoek vir die toekenning van water kan maak.

6. Stel 'n plan vir toekenning saam HD

Die plan vir toekenning moet die wense van al die watergebruikers in die Waterbestuurarea (WBA) reflekteer en al die gebruikers moet dit kan verstaan. Die plan moet regverdige toegang vir almal beklemtoon en terselfertyd waarborg dat daar genoeg water vir die Reserwe sal wees. Tydens hierdie stap sal belanghebbendes waarskynlik met mekaar kompeteer om meer water te bekom, so 'n hoë vlak van deelname en onderhanding is noodsaaklik.

7. Stel 'n Strategie vir die Bestuur van die Opvanggebied saam HD

Tydens hierdie stap kyk bestuurders van watersake en belanghebbendes na die aansoeke om watertoekennings deur die belanghebbendes en ontwikkel 'n geïntegreerde Strategie vir die Bestuur van die Opvanggebied met inagnome van DWAF riglyne. Die bestuur van aansoeke of eise om water en die bekamping van vermorsing is baie belangrik in die Strategie vir die Bestuur van die Opvanggebied. Deelname en onderhandeling is weer eens hoë prioriteite tydens hierdie stap.

8. Vra vir aansoeke vir lisensies LD

Tydens hierdie stap moet toekomstige watergebruikers aansoek doen en betaal vir hulle lisensies om water te gebruik. Elke aansoek moet evalueer word teen die doelstellings vir die bestuur van die waterhulpbron en die plan vir die toekenning van water.

9. Evaluasie van aansoeke vir lisensies LD

Dit word deur die BAO gedoen. Die beginsels van regverdigheid, doeltreffend-

heid en standhoudendheid moet gebruik word om die aansoeke te evalueer.

10. Uitreiking van lisensies LD

Suksesvolle aansoekers sal hulle lisensies van die BAO ontvang. Geen deelname word vereis nie, behalwe as gebruikers hulle toekennings wil bevraagteken. Hulle kan dit doen deur hulle op 'n Waterregbank te beroep

11. Kontroleer nakoming van lisensiehouers LD

Waterinspekteurs van DWAF kontroleer of die gelisensieerde gebruikers van water die hoeveelheid water wat ooreengekom is vir die doel waarop ooreengekom is gebruik. 'n Sekere mate van deelname is moontlik, want belanghebbendes sal ander watergebruikers monitor en DWAF inlig as watergebruik onwettig is of verskil van wat ooreengekom is.

12. Monitor status van die hulpbron HD

Tydens hierdie stap word die kwaliteit en die kwantiteit van die waterhulpbronne in die WBA kontroleer. Belanghebbendes het 'n sentrale rol om te speel, want die toestand van die waterhulpbron affekteer al die gebruikers in die opvanggebied.

13. Hersiening en nuwe visie HD

Tydens hierdie finale stap het bestuurders van watersake en al die watergebruikers die geleentheid om die manier waarop dinge gedoen is te hersien. Dit is 'n kans vir die belanghebbendes om kommentaar te lewer op die bestuur van die waterhulpbron oor die vorige vyf-jaar periode. Daarom is deelname noodsaaklik. Belanghebbendes kan tydens hierdie stap aandrang op beter bestuur of 'n nuwe visie.




VERBAND TUSSEN ELKE STAP VAN DIE SIKLUS VIR DIE BESTUUR VAN WATERHULPBRONNE EN DEELNAME


Voordat on elke stap in die siklus vir die bestuur van waterhulpbronne verbind aan 'n plan vir deelname deur belanghebbendes, moet ons kennis neem van die volgende:

- Daar is 'n beginpunt nodig – 'n eerste taak.
- Sommige stappe kan slegs begin wanneer ander voltooi is, so ons kan nie enige plek in die siklus begin nie.
- Nie al die stappe vereis deelname nie.
- Verskillende stappe in die siklus vereis verskillende grade van deelname. Dit word hier bo gelys as lae deelname (LD) of hoë deelname (HD).
- Die deelnemende proses benodig hulpbronne, begrotings, tydskaal en 'n goed-georganiseerde program.
- Ons behoort vir elke stap te vra wat, wie, waar, wanneer en waarom en dan die behoeftes vir deelname uit te werk volgens die antwoorde. As ons nie hierdie vrae stel en antwoord nie, kan ons nie die deelnemende proses ordentlik beplan nie.

Elke taak of stap in die siklus vir die bestuur van waterhulpbronne kan as volg opgebreek word om deelname te verbind aan spesifieke take:



Byvoorbeeld, laat ons hierdie analise toepas op die eerste drie stappe in die siklus - die visie van die belanghebbendes; die bepaling van die huidige klas van bestuur; en die bepaling van die gewenste klas van bestuur vir die toekoms.



4. MONITERING EN EVALUASIE VAN DEELNAME

Wanneer deelname gemonitor word, is daar nie 'n standaard lys van taakstellings of aanwysers vir monitoring wat vir ons kan aandui wat om te doen in alle situasies nie. Dit is beter om 'n benadering te volg van opvolgende vrae, sodat die *waarom*, *wat*, *wie*, *waar*, *wanneer* en *hoe* vrae verbind kan word aan elke taak in die siklus vir die bestuur van waterhulpbronne.

WAAROM, WAT, WIE, WAAR, WANNEER EN HOE?

Waarom?

Deelname kan nie werk as mense nie seker is *waarom* hulle uitgenooi word na vergaderings of selfs *waarom* 'n Opvanggebiedforum (OF) gestig word nie. Deelnemers moet weet hoekom hulle betrokke is en saamstem met die redes vir hulle betrokkenheid. Om *waarom* te beantwoord help deskundiges om duidelik te weet wat nodig is in 'n deelnemende proses. Dit wys ook watter inligting mense nodig het om deel te neem.

Wat?

Belanghebbendes moet verstaan dat elke stap in die siklus spesifieke, en soms verskillende, reaksies vereis.

Wie?

Almal kan nie by vergaderings teenwoordig wees nie. Een of ander vorm van verteenwoordiging is nodig. Deskundiges moet hierdie *wie* vraag versigtig deurdink, want die deelnemingsproses moet alle belanghebbendes insluit en moet demokraties wees. Soms moet groepe van buite die opvanggebied ingesluit word in die deelnemende proses as hulle belange geraak word deur die aktiwiteite van die opvanggebied.

Vrae oor wie sluit ook die kwessie van mag in:

- Wie kan deelneem en wie nie en waarom?
- Is die verteenwoordiger van elke groep wetmatig daar?
- Vir wie se belange staan 'n verteenwoordiger – vir die belanghebbendes of sy/haar eie belange?
- Word die verteenwoordiger aanvaar deur die belanghebbende groep wat hy/sy verteenwoordig?

Wanneer deelname ter sprake is, moet die kwessie van wie deelneem dikwels onderhandel word deur diegene wat die proses van bestuur van waterhulpbronne beheer. Hulle moet seker maak dat deelname inpas by

die behoeftes van die belanghebbendes sowel as met beleid, wetgewing en beskikbare hulpbronne.

Wanneer?

Die vraag van tydsberekening (*wanneer*) is dikwels 'n groot probleem in deelname aan die bestuur van waterhulpbronne. Bestuurders van waterhulpbronne is dikwels nie seker oor presies *wanneer* om belanghebbendes te betrek nie. Die siklus kan as 'n riglyn gebruik word om die vraag van tydsberekening te beantwoord.

Waar?

Daar is twee verskillende *waar* vrae. Die eerste is: *waar* in die WBA behoort daar deelname te wees? Sommige besluite raak alle belanghebbendes in 'n WBA, maar sommige besluite betrek net belanghebbendes wat op 'n spesifieke plek bly of *waar* 'n besluit geneem moet word.

Die ander *waar* vraag is: *waar* om die vergadering te hou? Dit is belangrik om 'n plek te kies wat toeganklik en bekostigbaar is vir alle belanghebbendes, veral die armer groepe.

Hoe?

Hoe deelname gebeur verwys na die vaardighede, vlakke van self-vertroue en hulpbronne wat nodig is vir mense om deel te neem. Dit verwys ook na die koste, tipe terugvoer, fasilitering en die voorsiening van opvoedkundige materiaal. Hulpbronne of diensverskaffers moet dikwels van buite die opvanggebied gebring word. Dit kan egter meer koste-effektief en standhoudend wees om deelname van binne die opvanggebied op grondvlak te mobiliseer





VOORDELE VAN 'N TAAK-GEORIËNTEERDE BENADERING TOT DIE BESTUUR VAN DEELNAME

'n Taak-georiënteerde benadering fokus op die spesifieke taak in die bestuur van waterhulpbronne wat uitgevoer moet word. Hierdie benadering het verskeie voordele, soos hieronder uiteengesit.

Kapasiteitsbou

Die taak-georiënteerde benadering verbind kapasiteitsbou tot elke taak. Belanghebbendes verstaan die belang van kapasiteitsbou beter wanneer dit direk verbind word tot take. Die behoeftes van die verskillende belanghebbendes word duideliker en dit maak dit makliker om sessies te ontwerp vir die uitbou van kapasiteit vir elke spesifieke belangegroep.

Magsverhoudings

Die taak-georiënteerde benadering vra openlik wie betrokke behoort te wees in besluitneming en wat die moontlike gevolge van hulle besluite sal wees. Dit help almal om magskwessies te identifiseer en dit te hanteer soos dit opduik.

Identifisering van belanghebbendes

Om belanghebbendes te identifiseer behoort 'n deursigtige en openlike proses te wees. As ons fokus op spesifieke take, is dit makliker om te besluit wie betrokke behoort te wees en waarom hulle betrokke behoort te wees.

Hulpbronne vir deelname

Dit is makliker om hulpbronne te kry vir spesifieke en duidelike take as wat dit is om hulpbronne te kry vir 'n voortgaande proses.

5. 'N GEVALLESTUDIE VAN TAAK-GEORIËNTEERDE DEELNAME: DIE BESTUURSPLAN VIR DIE KATRIVIER OPVANGGEBIED

Die Watergebruikersvereniging (WGV) in die Katrivier Opvanggebied is besig om 'n Bestuursplan vir die Opvanggebied te ontwikkel. Die Universiteit van Rhodes doen namens die Waternavorsingskommissie navorsing oor die proses sodat hulle kan uitvind hoe goed plaaslike belanghebbendes sulke planne kan bestuur. Die doel van die navorsing is ook om riglyne te gee aan ander opvanggebiede of sub-opvanggebiede wat bestuursplanne vir opvanggebiede in hulle plaaslike omgewing wil ontwikkel.

'n Bestuursplan vir 'n Opvanggebied is nie dieselfde as 'n Bestuursstrategie vir 'n Opvanggebied nie. 'n Bestuursstrategie kan slegs deur 'n BAO ontwikkel word en is gerig op die hele WBA. 'n Bestuursplan vir 'n opvanggebied is 'n meer gelokaliseerde plan wat gemoeid is met hoe die waterhulpbron op 'n sub-opvanggebied gebruik word. Die take betrokke by die ontwikkeling van so 'n bestuursplan is egter soortgelyk aan die take gekoppel aan die siklus vir die bestuur van waterhulpbronne en daarom is baie van die kwessies rondom deelname dieselfde.

Die navorsers het voorgestel dat hulle die take van die siklus vir die bestuur van waterhulpbronne gebruik om die deelnemende proses te bestudeer en die basiese *waarom, wat, wie, waar, wanneer* en *hoe* vrae te vra. Hoewel die WGVs van die metode gehou het, was dit nie maklik om uit te voer nie. Regeringsamptenare, navorsers en inwoners van die opvanggebied het nie goed saamgewerk nie. Dit was 'n uitdaging om die belanghebbendes betrokke te kry by die proses. Sommige belanghebbendes was nie juis geïnteresseerd nie, want hulle het reeds met die plaaslike kantoor van DWAF begin onderhandel om in hulle waterbehoefte te probeer voorsien in die kort termyn. Toe die navorsingsraamwerk aan die WGV verduidelik is, was hulle reaksie anders. Sommige van die lede van die WGV het gevoel dat die proses langdurig en duur was. Vir hulle was dit soortgelyk aan die proses om die persone te identifiseer wat op die WGV verteenwoordig word.

Om die WGV tot stand te bring was alreeds 'n lang proses van transformasie. Huislike watergebruikers het nie stemreg op die WGV gehad nie, maar hulle en die Kat OF het wel verteenwoordigers op die WGV se bestuurskomitee gehad. Hulle het nogtans gevoel dat die WGV se bestuurskomitee net die belange van die grootskaalse watergebruikers verteenwoordig het en dat dit nie baie anders was as die voormalige Besproeiingsrade nie.

Die Rhodes navorsers het sommige van die WGV se opvattinge en besluite

bevraagteken. Hulle het gereken dat die deelnemende proses deegliker moes wees en meer belangegroepe moes insluit. Die bestuurskomitee van die projek het voorgestel dat die deelnemende proses vir die totstandkoming van die Reserwe weer onderhandel moes word met inagnam van hierdie aspekte.

Die WGV se bestuurskomitee het uiteindelik ingestem op vier basiese take in die Bestuursplan van die Opvanggebied wat ander belanghebbendes kon betrek. Hierdie take was:

- Om die Reserwe te bepaal.
- Om die plan vir watertoekenning op te stel.
- Om planne vir die toekoms op te stel.
- Om die hersiening uit te voer.

Die basiese *waarom*, *wat*, *wie*, *waar*, *wanneer* en *hoe* vrae kon gevra word oor elkeen van hierdie take om besluite te maak oor deelname:

TAAK 1: Om die Reserwe te bepaal

Waarom? Belanghebbendes moet geraadpleeg word oor die klas van bestuur wat hulle vir hulle riviere wil gee en hulle moet ingelig word oor die Reserwe en hulle regte.

Waar? Op die vlak van die opvanggebied.

Wanneer? Voor die klas van bestuur gefinaliseer kan word.

Wie? Huislike gebruikers, klein/opkomende/grootskaalse sitrusboere, die munisipaliteit, DWAF, bewaring, toerisme, bosbou, tradisionele leiers, veeboere, die OF.

Meeste van hierdie belanghebbendes het reeds 'n verteenwoordiger op die WGV. Dié wat nie het nie, kan 'n verteenwoordige stuur wat dan na alle vergaderings uitgenooi sal word in die toekoms. Alle belanghebbendes sal gevra word op watter vlak hulle wil deelneem.

Wat? Raadpleging oor die klas van bestuur van die hulpbron.

Hoe? Peiling.

TAAK 2: Plan vir Watertoekenning

Waarom? Alle belanghebbendes wat in die opvanggebied bly behoort deel te neem aan die toekenning van die beskikbare water.

Waar? Op die vlak van die opvanggebied.

Wanneer? Voor die plan vir toekenning gefinaliseer kan word.

Wie? Alle belanghebbendes wat geïnteresseerd is.

Wat? Verteenwoordig hulle WGV se behoeftes vir water in die plan vir toekenning.

Hoe? Deur die toekenning te bespreek totdat almal saamstem en deur professionele hulp te gebruik, indien nodig.

TAAK 3: Toekomsplanne

Waarom? Belanghebbendes moet ingelig word en geraadpleeg word oor planne wat aktiwiteite in die opvanggebied raak.

Waar? Op die vlak van die sub-opvanggebied.

Wanneer? Voordat die planne gefinaliseer kan word.

Wie? Alle belanghebbendes wat geïnteresseerd is.

Wat? Neem deel deur te verseker dat hulle ingelig is en kommentaar lewer op planne wat hulle raak.

Hoe? Openbare vergaderings.

TAAK 4: Hersiening

Waarom? Dit is 'n geleentheid vir die belanghebbendes om hulle finale kommentaar oor die proses te lewer en 'n geleentheid om die belanghebbendes te vertel van die bestuursplan vir die opvanggebied.

Waar? Op die vlak van die opvanggebied.

Wanneer? Voor die einde van die projek.

Wie? Alle belanghebbendes wat geïnteresseerd is.

Wat? Neem deel deur te verseker dat hulle ingelig is en kommentaar lewer op die hele proses.

Hoe? Openbare vergaderings.

Die Bestuursplan vir die Katrivier Opvanggebied is 'n goeie voorbeeld van die frustrasie wat dikwels met deelnemende bestuur van waterhulpbronne gepaardgaan. Watergebruikers wil eerder sien dat dinge gebeur, as wat hulle wil dink oor hoe om mense te betrek in die bestuur van waterhulpbronne. Hulle wil konkrete, aksie-gefokusde beplanning sien. Dit is verstaanbaar, maar hulle moet ook leer hoe om betrokke te raak in die demokratiese beheer van hulle WBA.





TEN SLOTTE

Wanneer ons die historiese ongelykhede in Suid-Afrika in ag neem, kan ons nie verwag dat alle belanghebbendes ewe toegerus is om die take in die siklus vir die bestuur van waterhulpbronne uit te voer nie. Daar sal altyd versteekte agendas en geheime aktiwiteite wees om die belange van gevestigde magsgroepe te beskerm. Die stap van toekenning sal waarskynlik die mees kontroversieel wees. Tydens hierdie stap sal die BAO en DWAF die rol van bemiddelaars moet uitvoer en konflik wat voorkom hanteer. In die konteks van 'skaars hulpbron' is die volgende vrae relevant:

- Wie sal eerste in ag geneem word in die prosedure om water toe te ken?
- Watter prosedures en protokols sal op elke sektor toegepas word?
- Sal mense hulle aansoeke moet regverdig en motiveer?
- Sal 'n wetlike model toegepas word waar aansoekers hulle versoeke moet voorberei en verdedig?

Ervaring sal leer hoe hierdie areas van geskil aangespreek sal word. Soortgelyke komplikasies sal waarskynlik voorval wanneer watergebruikers binne 'n spesifieke sektor met mekaar kompeteer.

Die toekoms van die bestuur van waterhulpbronne berus by die versigtige deurdink van sake en beplanning. Dit is belangrik om bewus te wees van die spesifieke aspekte wat betrokke is by elke konteks en gewillig te wees om aan te hou leer.

Deskundiges wat probeer om gemarginaliseerde gemeenskappe deel te maak van belanghebbende organisasies moet onthou dat die wet aan hulle kant is. Belanghebbende groepe kan die wet tot hulle voordeel gebruik, maar die wet help niemand wat nie iets doen nie. Dit bring ons terug by die belangrike kwessie van kapasiteitsbou. As plaaslike organisasies en groepe nie toegang het tot menslike en finansiële steun nie, dan sal die basiese idee van deelnemende bestuur van waterhulpbronne nie werk nie.

Belanghebbende groepe kan gekaap of verskrik word of kan ontnugter of sinies word. In so 'n geval kan die BAO agterkom dat hulle met 'n OF werk wat net die belange van sommige individue verteenwoordig. Die mag lê egter by die belanghebbendes. Dit is hulle werk om die bestuur van waterhulpbronne te laat werk. En dit beteken dis ons almal se werk, want elkeen in Suid-Afrika bly en werk in 'n opvanggebied.

WOORDELYS

Die volgende is 'n lys van terme spesifiek tot hierdie veld wat algemeen gebruik word in hierdie dokument en hulle eweknieë in Engels.

Areas van Waterbeheer	Water Control Areas
Basiese Menslike Behoeftes Reserwe	Basic Human Needs Reserve
Bestuur van waterhulpbronne	Water Resource Management (WRM)
Bestuursagentskap vir die Opvanggebied (BAO)	Catchment Management Agency (CMA)
Bestuursforum vir Opvanggebied	
Sien Opvanggebiedforum (OF)	Catchment Management Forum
See Catchment Forum (CF)	
Bestuurskomitee vir die Opvanggebied	Catchment Management Committee
Bestuursplan vir die Opvanggebied	Catchment Management Plan
Bestuursraad	Governing Board
Bestuurstrategie vir die Opvanggebied	Catchment Management Strategy
Burgerlike Verenigings	Civic Associations
Departement Waterwese en Bosbou (DWAF)	Department of Water Affairs and Forestry (DWAF)
Ekologiese Reserwe	Ecological Reserve
Forums vir Gemeenskapsontwikkeling	Community Development Forums

Geïntegreerde Ontwikkelingsplan	Integrated Development Plan
Hulpbron-gerigte Maatreëls	Resource Directed Measures
Internasionale Vereniging vir Openbare Deelname	International Association for Public Participation
Nasionale Waterwet	National Water Act
Nie-regeringsorganisasie	Non-Government Organisation (NGO)
Opvanggebiedforum (OF)	Catchment Forum (CF)
Program vir gemeenskapsontwikkeling	Community Development Programme
Raadgewende Komitee	Advisory Committee
Strategie vir die Bestuur van die Opvanggebied	Catchment Management Strategy
Verwysingsgroep	Reference Group
Waterbestuurarea (WBA)	Water Management Area (WMA)
Watergebruikersvereniging (WGV)	Water Users Association (WUA)
Waternavorsingskommissie	Water Research Commission (WRC)
Waterregbank	Water Tribunal
Werkgroep vir die Ontwikkeling van 'n Voorstel (WGOV)	Proposal Development Working Group (PDWG)

